INLEIDING

Die Afrikaanse vertaling van die Westminster konfessie is in September 1980 ter hand geneem, ter voorbereiding vir die jaarvergadering van die Manneverenigings van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria, wat in November 1980 hierdie onderwerp sou behandel. Dit het egter tot Maart 1984 geduur voordat die konsep vertaling gereed was. Daarna het die hersiening begin, wat nog 'n verdere twee jaar geneem het. Ds. W.S. Boessenkool en br. J.L. Du Plessis van die Vrye Gereformeerde Kerk te Johannesburg was intensief betrokke by die hersiening van hierdie vertaling.

Met uitsondering van enkele korreksies was die vertaling in April 1986 gereed, toe dit as 'n addisionele dokumente tesame met die rapport van die deputate vir toetsing van die Westminster Standaarde, aan die afgevaardigdes vir die Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerk oorhandig kon word.

Nog enkele opmerkings oor die vertaalmetode en inhoud van die belydenis:

Alhoewel daar in groot gedeeltes van die Engelse teks ingewikkelde sinsstrukture voorkom, is nogtans gestreef na 'n bykans letterlike vertaling, wat die leesbaarheid van sommige gedeeltes ietwat bemoeilik.

Tydens die hersiening is die oorspronklike Latynse teks verskeie keer geraadpleeg.

Die inhoud van die Westminster konfessie is geworteld in die rykdom van die Calvinistiese reformasie soos deur o.a. John Knox na die Kerke van Skotland oorgedra is. Kenmerkend van die belydenis is haar uitgesproke veroordeling van die Roomse leer en tewens 'n sterk beklemtoning van die uitverkiesingsleer teenoor die Arminianisme van daardie dae.

Mag hierdie vertaling 'n bydrae lewer tot 'n beter insig in hierdie alombekende konfessie.

G. de Vente
Pretoria
September 1987

DIE WESTMINSTER KONFESSIE

Opgestel deur die sinode te Westminster Julie 1643, ondersoek en goedgekeur deur die Algemene Sinode van die kerk van Skotland 1647 en bekragtig deur die wette in die parlement 1649 en 1690.

Die geloofsbelydenis bestaan uit 33 hoofstukke of artikels.

1. Oor die Heilige Skrif.
2. Oor God en die Heilige Drie-eenheid.
3. Oor God se Ewige Raadsbesluit.
4. Oor die Skepping,
5. Oor die Voorsienigheid.
6. Oor die Val van die Mens, die Sonde en die Straf daaroor.
7. Oor God se Verbond met die Mens.
8. Oor Christus die Middelaar.
9. Oor die Vrye Wil.
10. Oor die Kragdadige Roeping.
11. Oor die Regverdiging.
12. Oor die Aanneming.
13. Oor die Heiligmaking.
14. Oor die Saligmakende Geloof.
15. Oor die Bekering tot die Lewe.
16. Oor die Goeie Werke.
17. Oor die Volharding van die Heiliges.
18. Oor die Sekerheid van Genade en Verlossing.
19. Oor die Wet van God.
20. Oor die Christelike Vryheid en Vryheid van Gewete.
21. Oor Gelowige Aanbidding en die Sabbatdag.
22. Oor die Wettige Eed en die Gelofte.
23. Oor die Owerheid.
24. Oor die Huwelik en die Egskeiding.
25. Oor die Kerk.
26. Oor die Gemeenskap van die heiliges.
27. Oor die Sakramente.
28. Oor die Heilige Doop.
29. Oor die Heilige Nagmaal.
30. Oor die Kerklike Sensuur.
31. Oor die Sinodes en Kerklike Vergaderinge.
32. Oor die Staat van die Mens na die Dood en die Opstanding van die Dode.
33. Oor die Laaste Oordeel.

HOOFSTUK 1: OOR DIE HEILIGE SKRIF

I. Alhoewel die lig van die natuur en die werke van die skepping en voorsienigheid, die goedheid, wysheid en almag van God openbaar, sodat die mens geen verontskuldiging het nie [a]; nogtans is dit nie genoegsaam om die kennis van God en van sy wil te verskaf wat noodsaaklik is vir die saligheid nie [b]. Daarom het dit God behaag om Homself in die ou tyd op verskillende maniere te openbaar en sy wil aan die Kerk te verklaar [c]; en hierna, vir die beter bewaring en verspreiding van die waarheid en die sekerder bevestiging en vertroosting van die Kerk, teen die bedorwenheid van die vlees en die kwaadwilligheid van die Satan en die wêreld, het God sy openbaring volkome op Skrif gestel [d]; wat die

Heilige Skrif uiters noodsaaklik maak [e]; omdat die eertydse openbaring van die wil van God aan die mense nou beëindig is [f].

[a] Rom_2:14-15; Rom_1:19-20; Psa_19:1-3; Rom_1:32; Rom_2:1.
[b] 1Co_1:21; 1Co_2:13-14.
[c] Heb_1:1.
[d] Pro_22:19-21; Luk_1:3-4; Rom_15:4; Mat_4:4, Mat_4:7, Mat_4:10; Isa_8:19-20.
[e] 2Ti_3:15; 2Pe_1:19.
[f] Heb_1:1-2.

II. Die Heilige Skrif, of die geskrewe Woord van God, bevat al die boeke van die Ou en Nuwe Testament.

Boeke van die Ou Testament			
Génesis	1 Konings	Prediker	Obadja
Eksodus	2 Konings	Hooglied	Jona
Levitikus	1 Kronieke	Jesaja	Miga
Numeri	2 Kronieke	Jeremia	Nahum
Deuteronómium	Esra	Klaagliedere	Hábakuk
Josua	Nehemía	Eségiël	Sefánja
Rigters	Ester	Daniël	Haggai
Rut	Job	Hoséa	Sagaria
1 Samuel	Psalms	Joël	Maleági
2 Samuel	Spreuke	Amos	

Boeke van die Nuwe Testament			
Matthéus	2 Korinthiërs	1 Timótheüs	2 Petrus
Markus	Galasiërs	2 Timótheüs	1 Johannes
Lukas	Efésiërs	Titus	2 Johannes
Johannes	Filippense	Filémon	3 Johannes
Handelinge	Kolossense	Hebreërs	Judas
Romeine	1 Thessalonisense	Jakobus	Openbaring
1 Korinthiërs	2 Thessalonisense	1 Petrus	

Dit alles is deur God geïnspireer om 'n reël van ons geloof en lewe te wees [g].

[g] Luk_16:29, Luk_16:31; Eph_2:20; Rev_22:18-19; 2Ti_3:16.

III. Die boeke wat gewoonlik bekend staan as die Apokriewe boeke en wat nie Goddelik geïnspireer is nie, vorm geen deel van die kanon van die Skrif nie; en is daarom nie gesaghebbend in die Kerk van God nie, en sal dit ook op geen enkele ander wyse goedgekeur of gebruik word as soos ander menslike geskrifte nie [h].

[h] Luk_24:27, Luk_24:44; Rom_3:2; 2Pe_1:21.

IV. Die gesag van die Heilige Skrif wat ons moet glo en gehoorsaam is nie onderworpe aan die getuienis van die mense of die Kerk nie, Maar geheel en al

van God (wat die Waarheid self is) en die Outeur daarvan; en daarom moet dit aangeneem word, omdat dit die Woord van God is [i].

[i] 2Pe_1:19, 2Pe_1:21; 2Ti_3:16; 1Jo_5:9; 1Th_2:13.

V. Ons mag deur die getuienis van die Kerk tot 'n hoë en eerbiedige agting van die Heilige Skrif beweeg en gedryf word [j]. Die hemelse inhoud, die doeltreffendheid van die leer, die majesteit van die styl, die ooreenkoms van al die dele, die doel van die geheel (wat alle eer aan God moet gee), die volkome openbaring wat dit van die enige weg van die mens se saligheid maak, die menige ander onvergelyklike uitmuntende eienskappe en die gehele volmaaktheid daarvan, is argumente wat oorvloedig getuienis lewer dat dit die Woord van God is; nogtans, nieteenstaande ons volle oortuiging en sekerheid van die onfeilbare waarheid en Goddelike gesag daarvan, kom van die inwendige werking van die Heilige Gees, wat getuienis lewer deur en met die Woord in ons harte [k].

[j] 1Ti_3:15.
[k] 1Jo_2:20, 1Jo_2:27; Joh_16:13-14; 1Co_2:10-12; Isa_59:21.

VI. Die volle raad van God met betrekking tot alle dinge wat nodig is vir sy heerlikheid, die saligheid van die mens, en die geloof en lewe, is uitdruklik opgeteken in die Skrif, of mag van die Skrif afgelei word, deur 'n goeie en noodsaaklike gevolgtrekking; waaraan niks te eniger tyd bygevoeg mag word nie, of dit nou nuwe openbarings van die Gees of tradisie van mense is nie [l]. Nietemin erken ons die inwendige verligting van die Gees van God wat noodsaaklik is vir die saligmakende insig in alle dinge soos in die Woord geopenbaar [m]; en dat dan sekere omstandighede is betreffende die aanbidding van God en die regering van die Kerk, gemeenskaplik met menslike handelinge en gemeenskappe wat deur die natuurlike lig en Christelike versigtigheid bepaal word, volgens die algemene maatstaf van die Woord wat altyd in ag geneem moet word [n].

[l] 2Ti_3:15-17; Gal_1:8-9; 2Th_2:2.
[m] Joh_6:45; 1Co_2:9-12.
[n] 1Co_11:13-14; 1Co_14:26, 1Co_14:40.

VII. Alles in die Skrif is nie ewe duidelik op sigself of ewe duidelik vir almal nie [o] ; nogtans daardie dinge wat ons noodsaaklik moet weet, glo en naleef vir die saligheid, word duidelik voorgestel en geopen in een of ander gedeelte van die Skrif, sodat nie slegs die geleerde nie, maar ook die ongeleerde te gelegener tyd onder gewone omstandighede voldoende insig daarvan kan verkry [p].

[o] 2Pe_3:16.
[p] Psa_119:105, Psa_119:130.

VIII. Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van God se volk in die ou tyd was) en die Nuwe Testament in Grieks (die taal wat algemeen bekend was aan die volkere toe dit geskryf is), is onmiddellik deur God geïnspireer en deur sy buitengewone sorg en voorsienigheid in alle eeue suiwer bewaar en is daarom betroubaar [q]; sodat in alle godsdiensgeskille die Kerk hom uiteindelik daarop sal beroep [r]. Maar omdat die ganse volk van God nie almal die oorspronklike

tale ken nie, wat reg het op en belang het by die Skrifte en wat beveel word om hulle in die vrees van God te lees en te ondersoek [s], daarom moet hulle vertaal word in die volkstaal van elke nasie tot wie dit kom [t], dat die Woord van God oorvloediglik in almal kan woon en hulle Hom op geskikte wyse mag dien [u], en deur die volharding en vertroosting van die Skrifte hoop kan hê [v].

[q] Mat_5:18.
[r] Isa_8:20; Act_15:15; Joh_5:39, Joh_5:46.
[s] Joh_5:39.
[t] 1Co_14:6, 1Co_14:9, 1Co_14:11-12, 1Co_14:24, 1Co_14:27-28.
[u] Col_3:16.
[v] Rom_15:4.

IX. Die onfeilbare reël vir die uitleg van die Skrif is die Skrif self; daarom wanneer daar 'n vraag bestaan oor die ware en volledige begrip van enige Skrifgedeelte (wat nie meervoudig is nie, maar eenvoudig), dan moet dit ondersoek en kenbaar word uit ander dele van die Skrif wat duideliker daaroor spreek [w].

[w] 2Pe_1:20-21; Act_15:15-16.

X. Die hoogste Regter deur wie alle geskille van godsdiens beslis moet word en alle uitsprake van konsilies, die menings van ou skrywers, leerstellinge van mense en private geeste wat ondersoek moet word en in welke uitspraak ons moet berus, is niemand anders as die Heilige Gees wat in die Skrif spreek nie [x].

[x] Mat_22:29, Mat_22:31; Eph_2:20; Act_28:25.

HOOFSTUK *2*: OOR GOD EN DIE HEILIGE DRIE-EENHEID

I. Daar is maar een enige [a] lewende en waaragtige God [b] wat oneindig is in wese en volmaaktheid [c], 'n absolute suiwer gees [d], onsienlik [e], sonder liggaam, dele [f] of gebrekkighede [g], onveranderlik [h], ontsaglik [i], ewig [j], ondeurgrondelik [k], almagtig [l], volkome wys [m], allerheilig [n], volkome vry [o], volkome absoluut [p], en werk alle dinge volgens die raad van sy onveranderlike en regverdige wil [q], tot sy eie heerlikheid [r]; mees liefdevol [s], genadig, barmhartig, lankmoedig, groot van goedertierenheid en trou, vergewe die ongeregtigheid, oortreding en sonde [t], 'n beloner van die wat Hom ywerig soek [u] en bowendien hoogs regverdig en vreeslik in sy oordele [v], en haat alle sonde [w], en sal nooit die skuldige ongestraf laat bly nie [x].

[a] Deu_6:4; 1Co_8:4, 1Co_8:6.
[b] 1Th_1:9; Jer_10:10.
[c] Job_11:7-9; Job_26:14.
[d] Joh_4:24.
[e] 1Ti_1:17.
[f] Deu_4:15-16; Joh_4:24; Luk_24:39.
[g] Act_14:11, Act_14:15.
[h] Jam_1:17; Mal_3:6.
[i] 1Ki_8:27; Jer_23:23-24.
[j] Psa_90:2; 1Ti_1:17.
[k] Psa_145:3.

[l] Gen_17:1; Rev_4:8.
[m] Rom_16:27.
[n] Isa_6:3; Rev_4:8.
[o] Psa_115:3.
[p] Exo_3:14.
[q] Eph_1:11.
[r] Pro_16:4; Rom_11:36.
[s] 1Jo_4:8, 1Jo_4:16.
[t] Exo_34:6-7.
[u] Heb_6:6.
[v] Neh_9:32-33.
[w] Psa_5:4-5.
[x] Nah_1:2-3; Exo_34:7.

II. God het alle lewe [y], heer1ikheid [z], goedheid [a], Saligheid [b], in en van Homself; en is alleen in en tot Homself volkome genoegsaam en het geen behoefte aan enige skepsel wat Hy geskep het nie [c] en ontleen ook geen heerlikheid van hulle nie [d], maar openbaar alleen sy eie heerlikheid in, deur, tot en aan hulle; Hy is die enigste fontein van alles wat bestaan, van wie, deur wie en tot wie alle dinge is [e]; en besit volkome soewereine heerskappy oor hulle om met hulle, vir hulle of aan hulle te doen wat Hom behaag [f]. Voor sy oë is alle dinge openbaar en duidelik [g].
Sy kennis is oneindig, onfeilbaar en onafhanklik van die Skepsel [h] sodat niks vir Hom toevallig of onseker is nie [i]. Hy is allerheilig in al sy beraadslaginge, in al sy werke en in al sy bevele [j]. Aan Hom is deur engele en mense en enige ander skepsel watter soort aanbidding, diens en gehoorsaamheid ook al wat Hom behaag om van hulle te eis, verskuldig [k].

[y] Joh_5:26.
[z] Act_7:2.
[a] Psa_119:68.
[b] 1Ti_6:15; Rom_9:5.
[c] Act_17:24-25.
[d] Job_22:2-3.
[e] Rom_11:36.
[f] Rev_4:11; 1Ti_6:15; Dan_4:25, Dan_4:35.
[g] Heb_4:13.
[h] Rom_11:33-34; Psa_147:5
[i] Act_15:18; Eze_6:5.
[k] Psa_145:17; Rom_7:12.
[k] Rev_5:12-14.

III. In die eenheid van die Godheid is daar drie persone, van een wese, krag en ewigheid; God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees [l]. Die Vader is nog geskape, nog gegenereer; die Seun is die ewig Geborene van die Vader [m]; die Heilige Gees is ewig uitgaande van die Vader en die Seun [n].

[l] 1Jo_5:7; Mat_3:16-17; Mat_28:19; 2Co_13:14.
[m] Joh_1:14, Joh_1:18.
[n] Joh_15:26; Gal_4:6.

HOOFSTUK 3: OOR GOD SE EWIGE RAADSBESLUIT

I. God het van alle ewigheid, deur die alwyse en heilige raad van sy wil, vry en onveranderlik beskik wat daar moet geskied [a]; nogtans so dat God geen Outeur van die sonde is nie [b] nog dat geweld aangedoen word aan die wil van die skepsels, nog dat die vryheid en toevalligheid van die tweede oorsake weggeneem word nie, maar eerder bevestig [c].

[a] Eph_1:11; Rom_11:33; Heb_6:17; Rom_9:15, Rom_9:18.
[b] Jam_1:13, Jam_1:17; 1Jo_1:5.
[c] Act_2:23; Mat_17:12; Act_4:27-28; Joh_19:11; Pro_16:33.

II. Alhoewel God weet wat onder alle veronderstelde omstandighede daar ook al mag of kan geskied [d]; nogtans het God nie oor alles besluit omdat Hy dit as toekoms voorsien het, of as dit wat moes kom onder sulke omstandighede nie [e].

[d] Act_15:18; 1Sa_23:11-12; Mat_11:21, Mat_11:23.
[e] Rom_9:11, Rom_9:13, Rom_9:16, Rom_9:18.

III. Deur die besluit van God, vir die openbaarmaking van sy heerlikheid, is sommige mense en engele [f] uitverkies tot die ewige lewe en ander voorbestem tot die ewige dood [g].

[f] 1Ti_5:21; Mat_25:41.
[g] Rom_9:22-23; Eph_1:5-6; Pro_16:4.

IV. Hierdie engele en mense, so uitverkies en voorbeskik, is besonderlik en onveranderlik daartoe bestem; en hulle getal is so vas en seker dat dit nie vermeerdor of verminder kan word nie [h].

[h] 2Ti_2:19; Joh_13:10.

V. Diegene van die mensekinders wat tot die ewige lewe uitverkies is, het God voor die grondlegging van die wêreld volgens die ewige en onveranderlike doel en die verborge raad en welbehae van sy wil, in Christus verkies tot die ewige heerlikheid [i], uit sy louter vrye genade en liefde, sonder enige vooruitgesiene geloof of goeie werke of volharding in een van beide, of enige ander ding in die skepsel as voorwaardes of oorsake wat Hom daartoe sou beweeg nie [j]; en dit alles tot die lof van sy heerlike genade [k].

[i] Eph_1:4, Eph_1:9, Eph_1:11; Rom_8:30; 2Ti_1:9; 1Th_5:9.
[j] Rom_9:11, Rom_9:13, Rom_9:16; Eph_1:4, Eph_1:9.
[k] Eph_1:6, Eph_1:12.

VI. Aangesien God die uitverkorenes tot heerlikheid bestem het, so het Hy deur die ewige en vrye doel van sy wil alle middele daartoe voorbestem [l]. Daarom, die uitverkorenes wat in Adam geval het, word deur Christus verlos [m]; word kragdadig tot die geloof in Christus geroep deur sy Heilige Gees wat te regter tyd werk, en word geregverdig, aangeneem, geheilig [n] en bewaar deur die krag van God deur die geloof tot die saligheid [o] .
Niemand anders as slegs die uitverkorenes word deur Christus kragdadig verlos, geroep, geregverdig, aangeneem, geheilig en verlos nie [p] .

[l] 1Pe_1:2; Eph_1:4-5; Eph_2:10; 2Th_2:13.
[m] 1Th_5:9-10; Tit_2:14.
[n] Rom_8:30; Eph_1:5; 2Th_2:13.
[o] 1Pe_1:5.
[p] Joh_17:9; Rom_8:28-39; Joh_6:64-65; Joh_10:26; Joh_8:47; 1Jo_2:19.

VII. Dit het God behaag om die res van die mensheid volgens die onnaspeurlike raad van sy wil, waardeur Hy sy barmhartigheid verleng en terughou soos dit Hom behaag vir die heerlikheid van sy koninklike heerskappy oor sy skepsele, verby te sien en te verordineer tot oneer en toorn oor hulle sonde tot lof van sy heerlike regverdigheid [q].

[q] Mat_11:25-26; Rom_9:17-18, Rom_9:21-22; 2Ti_2:19-20; Jud_1:4; 1Pe_2:8.

VIII. Die leer van hierdie verhewe verborgenheid van die predestinasie moet met besondere versigtigheid en sorgvuldigheid behandel word [r], dat mense wat ag gee op en gehoorsaam is aan die wil van God soos in sy Woord geopenbaar, volgens die sekerheid van hulle kragdadige roeping versekerd kan wees van hulle ewige verkiesing [s]. So sal hierdie leer stof gee tot lof, aanbidding en bewondering van God [t] en van nederigheid, ywer en oorvloedige vertroosting aan almal wat opreg gehoorsaam aan die Evangelie is [u].

[r] Rom_9:20; Rom_11:33; Deu_29:29.
[s] 2Pe_1:10.
[t] Eph_1:6; Rom_11:33.
[u] Rom_6:5-6, Rom_6:20; 2Pe_1:10; Rom_8:33; Luk_10:20.

HOOFSTUK 4: OOR DIE SKEPPING

I. Dit het God die Vader, die Seun en die Heilige Gees behaag om [a], vir die openbaring van die heerlikheid van sy ewige krag, wysheid en goedertierenheid [b], in die begin, uit niks die wêreld te skep en alles wat daarin is, hetsy sigbaar of onsigbaar, in 'n tydperk van ses dae en alles was baie goed [c].

[a] Heb_1:2; Joh_1:2-3; Gen_1:2; Job_26:13; Job_33:4.
[b] Rom_1:20; Jer_10:12; Psa_104:24; Psa_33:5-6.
[c] Gen. 1; Heb_11:3; Col_1:16; Act_27:24.

II. Nadat God alle ander skepsele gemaak het, het Hy die mens, manlik en vroulik geskape [d], met redelike en onsterflike siele [e], beklee met kennis, geregtigheid en ware heiligheid, na sy eie beeld [f], met die wet van God in hulle harte geskryf [g], en die krag om dit te vervul [h]; en nogtans onder 'n moontlikheid van oortreding, oorgelaat aan die vryheid van hulle eie wil, wat onderworpe was aan verandering [i]. Benewens die wet wat in hulle harte geskrywe is, het hulle ook die opdrag ontvang om nie te eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie [j]; en solank hulle hierdie opdrag gehoorsaam het, was hulle gelukkig in hulle gemeenskap met God, en het geheers oor al die skepsele [k].

[d] Gen_1:27.

[e] Gen_2:7; Ecc_12:7; Luk_23:43; Mat_10:28.
[f] Gen_1:26; Col_3:10; Eph_4:24.
[g] Rom_2:14-15.
[h] Ecc_7:29.
[i] Gen_3:6; Ecc_7:29.
[j] Gen_2:17; Gen_3:8-11, Gen_3:23.
[k] Gen_1:26, Gen_1:28.

HOOFSTUK 5: OOR DIE VOORSIENIGHEID

I. God, die groot Skepper van alle dinge, dra [a], bestuur, skik en regeer alle skepsele, dade en dinge [b], van die grootste tot selfs die kleinste [c], deur Sy alwyse en heilige voorsienigheid [d], volgens sy onfeilbare voorkennis [e], en die vrye en onveranderlike raad van sy wil [f], tot die lof en heerlikheid van sy wysheid, krag, geregtigheid, goedheid en barmhartigheid [g] .

[a] Heb_1:3.
[b] Dan_4:34-35; Psa_135:6; Act_17:25-26, Act_17:28; Job. 38, 39, 40, 41.
[c] Mat_10:29-31.
[d] Pro_15:3; Psa_104:24; Psa_145:17.
[e] Act_15:18; Psa_94:8-11.
[f] Eph_1:11; Psa_33:10-11.
[g] Isa_63:14; Eph_3:10; Rom_9:17; Gen_45:7; Psa_145:7.

II. Alhoewel, met betrekking tot die voorkennis en besluit van God, die eerste Oorsaak, alle dinge onveranderlik en onfeilbaar sal geskied [h]; nogtans het Hy deur dieselfde voorsienigheid beskik dat hulle uitval volgens die aard van tweede oorsake, hetsy noodsaaklik, vrywillig of voorwaardelik [i].

[h] Act_2:23.
[i] Gen_8:22; Jer_31:35; Exo_21:13; Deu_19:5; 1Ki_22:28, 1Ki_22:34; Isa_10:6-7.

III. God maak in sy gewone voorsienigheid gebruik van middele [j], nogtans is Hy vry om te werk sonder [k], bo [l], en teen hulle [m], soos dit Hom behaag.

[j] Act_27:24, Act_27:31, Act_27:44; Isa_55:10-11; Hos_2:22-23.
[k] Hos_1:7; Mat_4:4; Job_34:10.
[l] Rom_4:19-21.
[m] 2Ki_6:6; Dan_3:27.

IV. Die almagtige krag, ondeurgrondelike wysheid en oneindige goedheid van God, openbaar homself sodanig in sy voorsienigheid dat dit selfs strek tot die eerste val en alle ander sonde van engele en mense, [n] en dit nie deur blote toelating nie [o], maar so, asof dit gepaard gaan met 'n alwyse en kragtige binding [p], en 'n ander bestemming en regering van hulle, in 'n veelvuldige beskikking, tot sy eie heilige doel [q], nogtans so, dat die sonde daarvan voortkom uit die skepsel alleen en nie van God nie; aangesien God allerheilig en regverdig is en nie die bewerker of voorstander van die sonde is of kan wees nie [r].

[n] Rom_11:32-34; 2Sa_24:1; 1Ki_22:22-23; 1Ch_10:1, 1Ch_10:13-14; 2Sa_16:10; Act_2:23; Act_4:27-28; 1Ch_21:1.
[o] Act_14:16.
[p] Psa_76:10; 2Ki_19:28.
[q] Gen_50:20; Isa_10:6-7, Isa_10:12.
[r] Jam_1:13-14, Jam_1:17; 1Jo_2:16; Psa_50:21.

V. Die alwyse, regverdige en genadige God, laat somtyds sy kinders aan menigvuldige versoekings en verdorwenheid van hulle eie harte oor, om hulle te straf oor hulle sondes, of om hulle te ontdek aan die verborge krag van verdorwenheid en bedrieglikheid van hulle harte, sodat hulle verootmoedig kan word [s], om hulle op te wek tot 'n nouer en bestendiger afhanklikheid vir hulle ondersteuning op Hom en hulle waaksamer te maak teen alle toekomstige aanleidings van sonde, en vir alle ander regverdige en heilige doeleindes [t].

[s] 2Ch_32:25-26, 2Ch_32:31; 2Sa_24:1.
[t] 2Co_12:7-9; Psalm 73; Psa_77:1, Psa_77:9-11; Mar_14:66-72; Joh_21:15-17.

VI. Net soos God as 'n regverdige regter, die sondige en goddelose mense verblind en verhard oor hulle gedane sondes [u], so weerhou God nie alleen sy genade van hulle, wat hulle verstand kan verlig en hulle hart kon bewerk nie [v]; maar somtyds onttrek God ook alle gawes wat hulle het [w] en stel hulle bloot aan sulke oogmerke as wat hulle verdorwenheid aanleiding gee tot sonde [x]; en boonop, gee Hy hulle oor aan hulle eie luste, die verleiding van die wêreld en die mag van Satan [y]; waaruit blyk dat hulle hulself verhard, selfs deur daardie middele wat God gebruik tot die vermurwing van ander [z].

[u] Rom_1:24-28; Rom_11:7-8.
[v] Deu_29:4.
[w] Mat_13:12; Mat_25:29.
[x] Deu_2:30; 2Ki_8:12-13.
[y] Psa_81:10-11; 2Th_2:10-12.
[z] Exo_7:3; Exo_8:15, Exo_8:32; 2Co_2:15-16; Isa_8:14; 1Pe_2:7-8; Isa_6:9-10; Act_28:26-27.

VII. Aangesien die voorsienigheid van God, in die algemeen tot alle mense kom; so sorg God op 'n hoogs besondere wyse vir sy Kerk en laat alle dinge ten goede meewerk [a].

[a]1Ti_4:10; Amo_9:8-9; Rom_8:28; Isa_43:3-5, Isa_43:14.

HOOFSTUK 6: OOR DIE VAL VAN DIE MENS, DIE SONDE EN DIE STRAF DAAROOR

I. Ons eerste ouers wat deur die listigheid en versoeking van die satan verlei is, het gesondig deur te eet van die verbode vrugte [a]. Dit het God behaag om hierdie sonde toe te laat, in sy alwyse en heilige raad, nadat Hy dit beskik het tot sy eie heerlikheid [b].

[a] Gen_3:13; 2Co_11:3.
[b] Rom_11:32.

II. Met hierdie sonde het die mens uit sy oorspronklike regverdigheid en gemeenskap met God geval [c], en dood geword in sonde [d] en geheel en al besoedel in alle funksies en dele van liggaam en siel [e].

[c] Gen_3:6-8; Ecc_7:29; Rom_3:23.
[d] Gen_2:17; Eph_2:1.
[e] Tit_1:15; Gen_6:5; Jer_17:9; Rom_3:10-18.

III. Daar hulle die wortel is van die ganse menslike geslag, word die skuld van die sonde toegeskryf aan [f], en dieselfde dood in sonde en bedorwe natuur oorgedra op hulle nageslag wat van hulle deur gewone voortplanting afstam [g].

[f] Gen_1:27-28; Gen_2:16-17; Act_27:26; Rom_5:12, Rom_5:15-19; 1Co_15:21-22, 1Co_15:45, 1Co_15:49.
[g] Psa_51:1; Gen_5:3; Job_14:4; Job_15:14.

IV. Vanuit hierdie oorspronklike bedorwenheid, waardeur ons volkome ongeskik en onbekwaam is en ons verset teen al die goeie [h] en geheel en al geneig tot alle boosheid [i], kom voort alle werklike oortredinge [j].

[h] Rom_5:6; Rom_8:7; Rom_7:18; Col_1:21.
[i] Gen_6:5; Gen_8:21; Rom_3:10-12.
[j] Jam_1:14-15; Eph_2:2-3; Mat_15:19.

V. Hierdie bedorwe natuur sal gedurende die lewe op aarde blywend wees in hulle wat wedergebore is [k] en alhoewel die sonde deur Christus vergewe is en afgesterf het, nogtans is sowel die sonde en beweegrede daarvan, waarlik en deeglik sonde [l].

[k] 1Jo_1:8, 1Jo_1:10; Rom_7:14, Rom_7:17-18, Rom_7:23; Jam_3:2; Pro_20:9; Ecc_7:20.
[l] Rom_7:5, Rom_7:7-8, Rom_7:25; Gal_5:17.

VI. Elke sonde, sowel die erfsonde as die werklike sondes, is 'n oortreding van die regverdige wet van God en in stryd daarmee [m], en van nature bring dit die skuld oor die sondaar [n], waardeur hy val onder die toorn van God [o], en die vloek van die wet [p], onderworpe aan die dood [q], met alle ellende geestelik [r], tydelik (s) en ewig [t].

[m] 1Jo_3:4.
[n] Rom_2:15; Rom_3:9, Rom_3:19.
[o] Eph_2:3.
[p] Gal_3:10.
[q] Rom_6:23.
[r] Eph_4:18.
[s] Rom_8:20; Lam_3:39.
[t] Mat_25:41; 2Th_1:9.

HOOFSTUK 7: OOR GOD SE VERBOND MET DIE MENS

I. Die afstand tussen God en die skepsel is so groot dat, alhoewel redelike skepsele gehoorsaamheid aan God hulle skepper verskuldig is, hulle nogtans geen vrugte van saligheid en beloning kan ontvang nie, as alleen deur die vrye genade van God se kant, wat Hom behaag het om dit by wyse van 'n verbond te betuig [a].

[a] Isa_40:13-17; Job_9:32-33; 1Sa_2:25; Psa_113:5-6; Psa_100:2-3; Job_22:2-3; Job_35:7-8; Luk_17:10; Act_17:24-25.

II. Die eerste verbond met die mens was die werkverbond [b], waarin aan Adam die lewe beloof is en deur hom aan sy nageslag [c], op voorwaarde van 'n volmaakte en persoonlike gehoorsaamheid [d].

[b] Gal_3:12.
[c] Rom_10:5; Rom_5:12-20.
[d] Gen_2:17; Gal_3:10.

III. Die mens het by sy val deur daardie verbond homself onbekwaam gemaak tot die lewe en dit het God behaag om 'n tweede [e], gewoonlik genoem die Genadeverbond op te rig; waardeur Hy vryelik die lewe en saligheid aanbied aan sondaars deur Jesus Christus en van hulle geloof in Hom eis, sodat hulle gered kan word [f]; en beloof om Sy Heilige Gees te stuur aan almal wat tot die lewe bestem is, om hulle gewillig en bekwaam te maak tot die geloof [g].

[e] Gal_3:21; Rom_8:3; Rom_3:20-21; Gen_3:15; Isa_42:6.
[f] Mar_16:15-16; Joh_3:16; Rom_10:6, Rom_10:9; Gal_3:11.
[g] Eze_36:26-27; Joh_6:44-45.

IV. Hierdie genadeverbond word dikwels in die Skrif vermeld onder die naam Testament, met verwysing na Jesus Christus die testateur en na die ewige erfenis, met daarin nagelaat alles wat daartoe behoort [h].

[h] Heb_9:15-17; Heb_7:22; Luk_22:20; 1Co_11:25.

V. Hierdie verbond is in die tyd van die wet en in die tyd van die evangelie op verskillende maniere bedien [i]; onder die wet is dit bedien deur beloftes, profesieë, offerande, die besnydenis, die paaslam, en ander soort insettinge wat oorgelewer is aan die volk van die Jode, vooruitsiende op die koms van Christus [j], wat vir dié tyd voldoende en doeltreffend was, deur die werking van die Gees, om die uitverkorenes te onderrig en op te bou in die geloof, in die beloofde Messias [k], deur wie hulle volle vergiffenis van sondes en die ewige saligheid ontvang; en word genoem die Ou Testament [l].

[i] 2Co_3:6-9.
[j] Heb. 8:1 - 10:29; Rom_4:11; Col_2:11-12; 1Co_5:7.
[k] 1Co_10:1-4; Heb_11:13; Joh_8:56.
[l] Gal_3:7-9, Gal_3:14.

VI. Onder die evangelie, toe Christus, die waarheid, bedien was [m], is die insettinge waarmee hierdie verbond toebedeel is, die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente van Doop en Nagmaal [n], wat, al is dit minder in

getal en die bediening daarvan eenvoudiger en met minder uitwendige heerlikheid, nogtans word dit in groter volledigheid, getuienis en geestelike werksaamheid [o] aan alle volke, sowel die Jode as die heidene voorgehou [p], en word genoem die Nuwe Testament [q]. Daar is daarom nie twee verbonde van genade met verskil van inhoud nie, maar een en dieselfde onder verskillende bedelings [r].

[m] Col_2:17.
[n] Mat_28:19-20; 1Co_11:23-25.
[o] Heb_12:22-27; Jer_31:33-34.
[p] Mat_28:19; Eph_2:15-19.
[q] Luk_22:20.
[r] Gal_3:14, Gal_3:16; Act_15:11; Rom_3:21-23, Rom_3:30; Psa_32:1; Rom_4:3, Rom_4:6, Rom_4:16-17, Rom_4:23-24; Heb_13:8.

HOOFSTUK 8: OOR CHRISTUS DIE MIDDELAAR

I. Dit het God in sy ewige raad behaag om die Here Jesus, sy eniggebore Seun te verkies en verordineer tot Middelaar tussen God en die mens [a]; die Profeet [b], Priester [c]en Koning [d]; die Hoof en Verlosser van sy Kerk [e]; die Erfgenaam van alle dinge [f]; die Regter van die wêreld [g]; vir wie God van alle ewigheid af 'n volk gegee het om sy saad te wees [h] en om by Hom te wees in tyd van verlossing, roeping, regverdiging, heiliging en verheerliking [i].

[a] Isa_42:1; 1Pe_1:19-20; Joh_3:16; 1Ti_2:5.
[b] Act_3:22.
[c] Heb_5:5-6.
[d] Psa_2:6; Luk_1:33.
[e] Eph_5:23.
[f] Heb_1:2.
[g] Act_17:31.
[h] Joh_17:6; Psa_22:29; Isa_53:10.
[i] 1Ti_2:6; Isa_55:4-5; 1Co_1:30.

II. Die Seun van God, die tweede Persoon in die Drie-eenheid, 'n ware en ewige God, van een wese en gelyk aan die Vader, het toe die volheid van die tyd gekom het, die menslike natuur op Hom geneem [j], en daarmee saam al die wesenlike eienskappe en algemene swakhede, uitgesonderd die sonde [k]; is ontvang deur die krag van die Heilige Gees in die skoot van die maagd Maria en van haar wese [l].
Sodat twee volkome, volmaakte en afsonderlike nature, die Godheid en die mensheid, onskeidbaar verenig is in een persoon, sonder verandering, samestelling of verwarring [m]. Hierdie persoon is ware God en ware mens, nogtans een Christus, die enigste Middelaar tussen God en die mens [n].

[j] Joh_1:1, Joh_1:14; 1Jo_5:20; Phi_2:6; Gal_4:4.
[k] Heb_2:14, Heb_2:16-17; Heb_4:15.
[l] Luk_1:27, Luk_1:31, Luk_1:35; Gal_4:4.
[m] Luk_1:35; Col_2:9; Rom_9:5; 1Pe_3:18; 1Ti_3:16.
[n] Rom_1:3-4; 1Ti_2:5.

III. Die Here Jesus, in sy menslike natuur verenig met die goddelike, is sonder maat geheilig en gesalf met die Heilige Gees [o]; en besit in Hom al die skatte van wysheid en kennis [p]; want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon [q]; met die doel dat, aangesien Hy heilig, onskuldig, onbesmet en vol van genade en waarheid is [r], Hy grondig toegerus is om die amp van Middelaar en Borg te volbring [s]. Hierdie amp het Hy nie self op Hom geneem nie maar is deur sy Vader daartoe geroep [t]; wat al die mag en oordeel in sy hand gegee het en ook die opdrag om dit uit te voer [u].

[o] Psa_45:6; Joh_3:34.
[p] Col_2:3.
[q] Col_1:19.
[r] Heb_7:26; Joh_1:14.
[s] Act_10:38; Heb_12:24; Heb_7:22.
[t] Heb_5:4-5.
[u] Joh_5:22, Joh_5:27; Mat_28:18; Act_2:36.

IV. Die Here Jesus het begeer om hierdie amp op Hom te neem [v]; en om dit te kan volbring is Hy gemaak onder die wet [w] en het dit volkome vervul [x];Hy moes veelvuldige smart en pyniging tot in sy siel verduur [y] en die pynlikste liggaamlike lyding [z], is gekruisig en het gesterf [a]; is begrawe en het onder die greep van die dood gebly, maar het geen verderwing gesien nie [b]. Op die derde dag het Hy opgestaan van die dode [c] met dieselfde liggaam waarmee Hy gely het [d]; waarmee Hy ook opgevaar het na die hemel en daar sit aan die regterhand van die Vader [e], wat ook vir ons intree [f]; en weer sal kom om te oordeel mense en engele, aan die voleinding van die wêreld [g].

[v] Psa_40:7-8; Heb_10:5-10; Joh_10:18; Phi_2:8.
[w] Gal_4:4.
[x] Mat_3:15; Mat_5:17.
[y] Mat_26:37-38; Luk_22:44; Mat_27:46.
[z] Mat. 26 en 27.
[a] Phi_2:8.
[b] Act_2:23-24, Act_2:27; Act_13:37; Rom_6:9.
[c] 1Co_15:3-5.
[d] Joh_20:25, Joh_20:27.
[e] Mar_16:19.
[f] Rom_8:34; Heb_9:24; Heb_7:25
[g] Rom_14:9-10; Act_1:11; Act_10:42; Mat_13:40-42; Jud_1:6; 2Pe_2:4.

V. Die Here Jesus het deur sy volkome gehoorsaamheid en offerande van Homself, wat Hy deur die ewige Gees eenmaal aan God geoffer het, ten volle voldoen aan die regverdigheid van sy Vader [h]; en het nie alleen versoening nie, maar 'n ewige erfenis verwerf in die koninkryk van die hemele vir almal wat die Vader Hom gegee het [i].

[h] Rom_5:19; Heb_9:14, Heb_9:16; Heb_10:14; Eph_5:2; Rom_3:25-26.
[i] Dan_9:24, Dan_9:26; Col_1:19-20; Eph_1:11, Eph_1:14; Joh_17:2; Heb_9:12, Heb_9:15.

VI. Alhoewel die werk van verlossing nie daadwerklik deur Christus bewerk is tot na sy vleeswording nie, nogtans word die krag, werksaamheid en voordele daarvan oorgedra op die uitverkorenes van alle tye, agtereenvolgens van die begin van

die wêreld af, in en deur die beloftes, voorbeelde en offers waarin Hy geopenbaar en aangedui is as die Saad van die vrou, wat die kop van die slang sal vermorsel en die Lam wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af, wat gister en vandag dieselfde is en tot in ewigheid [j].

[j] Gal_4:4-5; Gen_3:15; Rev_13:8; Heb_13:8.

VII. Christus het in sy werk as Middelaar gehandel ooreenkomstig beide nature; en gedoen soos dit eie is aan elke natuur [k], nogtans, as gevolg van die eenheid van die persoon word dit wat eie is aan die een natuur, somtyds in die Skrif toegeskryf aan die ander natuur [l].

[k] Heb_9:14; 1Pe_3:18.
[l] Act_20:28; Joh_3:13; 1Jo_3:16.

VIII. Christus sal sekerlik en kragdadig die verlossing wat Hy vir die syne verwerf het, aanwend en meedeel [m]; Hy wat vir hulle intree [n]; en aan hulle openbaar maak die verborgenhede van die saligheid in en deur sy Woord [o]; hulle kragdadig oorreed deur sy Gees om te glo en gehoorsaam te wees; en regeer hulle harte deur sy Woord en Gees [p]; en sal al hul vyande onder sy voete sit deur sy almagtige krag en wysheid op 'n wyse wat in ooreenstemming is met sy wonderlike en ondeurgrondelike beskikking [q].

[m] Joh_6:37, Joh_6:39; Joh_10:15-16.
[n] 1Jo_2:1-2; Rom_8:34.
[o] Joh_15:13, Joh_15:15; Eph_1:7-9; Joh_17:6.
[p] Joh_14:16; Heb_12:2; 2Co_4:13; Rom_8:9, Rom_8:14; Rom_15:18-19; Joh_17:17.
[q] Psa_110:1; 1Co_15:25-26; Mal_4:2-3; Col_2:15.

HOOFSTUK 9: OOR DIE VRYE WIL

I. God het die wil van die mens beklee met sodanige natuurlike vryheid dat dit nóg gedwonge, nóg bepaal deur enige absolute noodsaaklikheid van die natuur, goed of sleg doen nie [a].

[a] Mat_17:12; Jam_1:14; Deu_30:19.

II. Die mens het in sy staat van onskuldigheid die vryheid en wilskrag gehad om te doen wat goed en welbehaaglik aan God is [b]; maar tog veranderlik, sodat hy daaruit kon val [c].

[b] Ecc_7:29; Gen_1:26.
[c] Gen_2:16-17; Gen_3:6.

III. Die mens het by sy val in die staat van sonde, geheel en al die wilskrag verloor tot enige geestelike goed, insluitende die saligheid [d]; soos die natuurlike mens wat heeltemal afkerig is van die goeie [e], en dood is in sonde [f], en deur sy eie krag nie die vermoë het om homself te bekeer, of homself daartoe voor te berei nie [g] .

[d] Rom_5:6; Rom_8:7; Joh_15:5.
[e] Rom_3:10, Rom_3:12.
[f] Eph_2:1, Eph_2:5; Col_2:13.
[g] Joh_6:44, Joh_6:65; Eph_2:2-5; 1Co_2:14; Tit_3:3-5.

IV. Wanneer God die sondaar bekeer en hom oorplaas in die staat van genade, dan maak Hy hom vry van die natuurlike gebondenheid onder die sonde [h], en deur Sy genade alleen stel Hy hom in staat om te wil en te doen wat geestelik goed is [i]; nogtans so, dat as gevolg van sy oorblywende verdorwenheid, hy nie volkome of alleenlik die goeie wil doen nie, maar ook 'n wil het tot die kwade [j].

[h] Col_1:13; Joh_8:34, Joh_8:36.
[i] Phi_2:13; Rom_6:18, Rom_6:22.
[j] Gal_5:17; Rom_7:15, Rom_7:18-19, Rom_7:21, Rom_7:23.

V. Die wil van die mens word slegs in die staat van heerlikheid volmaak en onveranderlik vry gemaak om goed te doen [k].

[k] Eph_4:13; Heb_12:23; 1Jo_3:2; Jud_1:24.

HOOFSTUK 10: OOR DIE KRAGDADIGE ROEPING

I. Dit het God behaag om al diegene, en hulle alleen wat tot die ewige lewe verordineer is, kragdadig te roep, in sy vasgestelde en aangenome tyd [a], deur sy Woord en Gees [b] uit die staat van sonde en dood waarin hulle van nature is, tot die genade en redding van Jesus Christus [c]; en verlig hulle verstand geestelik en verlossend om die dinge van God te verstaan [d]; neem weg hulle hart van klip en gee hulle 'n hart van vlees [e]; vernuwe hulle wil en deur sy almagtige krag beweeg Hy hulle tot die goeie [f] en trek hulle kragdadiglik tot Jesus Christus [g]; nogtans so, dat hulle geheel vrywillig kom, gewillig gemaak deur sy genade [h].

[a] Rom_8:30; Rom_11:7; Eph_1:10-11.
[b] 2Th_2:13-14; 2Co_3:3, 2Co_3:6.
[c] Rom_8:2; Eph_2:1-5; 2Ti_1:9-10.
[d] Act_26:18; 1Co_2:10, 1Co_2:12; Eph_1:17-18.
[e] Eze_36:26.
[f] Eze_11:19; Phi_2:13; Deu_30:6; Eze_36:27.
[g] Eph_1:19; Joh_6:44-45.
[h] Son_1:4; Psa_110:3; Joh_6:37; Rom_6:16-18.

II. Hierdie kragdadige roeping is van God se vrye en besondere genade alleen en nie uit enige iets in die mens voorsien nie [i]; wat algeheel passief hierin is, totdat hy, opgewek en vernuwe deur die Heilige Gees [j], in staat gestel is om te antwoord op hierdie roeping, en om die genade te omhels wat hierin aangebied en meegedeel word [k].

[i] 2Ti_1:9; Tit_3:4-5; Eph_2:4-5, Eph_2:8-9; Rom_9:11.
[j] 1Co_2:14; Rom_8:7; Eph_2:5.
[k] Joh_6:37; Eze_36:27; Joh_5:25.

III. Die uitverkore kindertjies wat in hul kinderjare sterf, word in Christus wedergebore en gered deur die Gees [l] wat werk wanneer en waar en hoe dit Hom behaag [m]. So is dit ook met alle ander uitverkore mense wat nie in staat gestel is om uiterlik deur die bediening van die Woord geroep te word nie [n].

[l] Luk_18:15-16; Act_2:38-39; Joh_3:3, Joh_3:5; 1Jo_5:12; Rom_8:9.
[m] Joh_3:8.
[n] 1Jo_5:12; Act_4:12.

IV. Die ander wat nie uitverkies is nie, alhoewel hulle deur die bediening van die Woord geroep kan word [o], en selfs 'n sekere werking van die Gees besit [p], kom nooit werklik tot Christus nie en kan daarom nie gered word nie [q]; des te minder kan mense wat nie die Christelike geloof bely nie, op enige ander wyse hoegenaamd gered word, aangesien hulle so ywerig hulle lewe inrig volgens die lig van die natuur en die wet van die geloof wat hulle bely [r]; en om te beweer en te handhaaf dat dit kan, is uiters verderflik en moet verafsku word [s].

[o] Mat_22:14.
[p] Mat_7:22; Mat_13:20-21; Heb_6:4-5.
[q] Joh_6:64-66; Joh_8:24.
[r] Act_4:12; Joh_14:6; Eph_2:12; Joh_4:22; Joh_17:3.
[s] 2Jo_1:9-11; 1Co_16:22; Gal_1:6-8.

HOOFSTUK 11: OOR DIE REGVERDIGING

I. Diegene wat God kragdadig geroep het, die het Hy ook sonder verdienste geregverdig [a]; nie dat hulle die geregtigheid ingegiet word nie, maar deur die vergiffenis van hulle sondes en deur hulle as regverdig te beskou en aan te neem, nie vir enige iets deur hulle bewerk of gedoen nie, maar om Christus wil alleen; nie die gehoorsaamheid word hulle as geregtigheid toegereken nie, maar die gehoorsaamheid en voldoening van Christus word aan hulle toegereken [b], en hulle ontvang en rus op Hom en sy geregtigheid deur die geloof; hierdie geloof besit hulle nie uit hulleself nie, dit is 'n gawe van God [c].

[a] Rom_8:30; Rom_3:24.
[b] Rom_4:5-8; 2Co_5:19, 2Co_5:21; Rom_3:22, Rom_3:24-25, Rom_3:27-28; Tit_3:5, Tit_3:7; Eph_1:7; Jer_23:6; 1Co_1:30-31; Rom_5:17-19.
[c] Act_10:43; Gal_2:16; Phi_3:9; Act_13:38-39; Eph_2:7-8.

II. Die geloof, aldus ontvang en rustende op Christus en sy geregtigheid, is die enigste middel vir die regverdiging [d]; nogtans word dit nie alleen in die mens geregverdig nie, maar dit gaan altyd gepaard met alle ander genadegawes en is nie 'n dooie geloof nie, maar werk deur die liefde [e].

[d] Joh_1:12; Rom_3:28; Rom_5:1.
[e] Jam_2:17, Jam_2:22, Jam_2:26; Gal_5:6.

III. Christus het deur sy gehoorsaamheid en dood ten volle die skulde kwytgeskel van al diegene wat geregverdig is en het namens hulle regmatig, waaragtig en volledig voldoen aan die geregtigheid van sy Vader [f]. Nogtans, in soverre Christus deur sy Vader aan hulle gegee is [g], en sy gehoorsaamheid en

voldoening in hulle plek aanvaar is [h], beide uit vrye guns sonder enige iets in hulle, is hulle regverdiging uit vrye genade alleen; [i] sodat beide die strenge geregtigheid en oorvloedige genade van God verheerlik mag word in die regverdiging van sondaars [j].

[f] Rom_5:8-10, Rom_5:19; 1Ti_2:5-6; Heb_10:10, Heb_10:14; Dan_9:24, Dan_9:26; Isa_53:4-6, Isa_53:10-12.
[g] Rom_8:32.
[h] 2Co_5:21; Mat_3:17; Eph_5:2.
[i] Rom_3:24; Eph_1:7.
[j] Rom_3:26; Eph_2:7.

IV. God het van alle ewigheid besluit om die uitverkorenes te regverdig [k]; en Christus het in die volheid van die tyd gesterf vir hulle sondes en is opgewek vir hulle regverdigmaking [l]; nietemin is hulle nie geregverdig nie, totdat die Heilige Gees op sy tyd werklik Christus tot hulle bring [m].

[k] Gal_3:8; 1Pe_1:2, 1Pe_1:19-20; Rom_8:30.
[l] Gal_4:4; 1Ti_2:6; Rom_4:25.
[m] Col_1:21-22; Gal_2:16; Tit_3:4-7.

V. God gaan voort om die sondes te vergewe van al diegene wat geregverdig is [n], en alhoewel hulle nooit kan val uit die staat van regverdiging nie [o], nogtans kan hulle deur hul sondes val onder God se vaderlike misnoeë, en nie die lig van sy aangesig aan hulle herstel nie, totdat hulle hulself verootmoedig, hulle sondes bely, om vergifnis smeek, berou betoon en hulle geloof en bekering vernuwe [p].

[n] Mat_6:12; 1Jo_1:7, 1Jo_1:9; 1Jo_2:1-2.
[o] Luk_22:32; Joh_10:28; Heb_10:14.
[p] Psa_89:30-32; Psa_51:5-10; Psa_32:5; Mat_26:75; 1Co_11:30, 1Co_11:32; Luk_1:20.

VI. Die regverdigmaking van die gelowiges onder die Ou Testament was in alle opsigte dieselfde as die regverdigmaking van die gelowiges onder die Nuwe Testament [q].

[q] Gal_3:9, Gal_3:13-14; Rom_4:22-24; Heb_13:8.

HOOFSTUK 12: OOR DIE AANNEMING

I. Al diegene wat. geregverdig is, het God bevestig in en vir sy enigste Seun Jesus Christus en hulle deelgenote gemaak van die genade tot aanneming [a]; waardeur hulle tot die getal van die kinders van God gereken word, en die vryhede en voorregte daarvan geniet [b]; Sy naam is op hulle geskryf [c], hulle ontvang die Gees van aanneming [d] en verkry met vrymoedigheid toegang tot die troon van genade [e]; hulle word in staat gestel om te roep Abba, Vader [f]; hulle ontvang ontferming [g], word beskerm [h], word voorsien in [i], en word gekasty deur Hom soos deur 'n vader [j]; nogtans word hulle nooit verwerp nie [k], maar is verseël tot die dag van verlossing [l] en erf die beloftes [m] as erfgename van die ewige saligheid [n].

[a] Eph_1:5; Gal_4:4-5.
[b] Rom_8:17; Joh_1:12.
[c] Jer_14:9; 2Co_6:18; Rev_3:12.
[d] Rom_8:15.
[e] Eph_3:12; Rom_5:2.
[f] Gal_4:6.
[g] Psa_103:13.
[h] Pro_14:26.
[i] Mat_6:30, Mat_6:32; 1Pe_5:7.
[j] Heb_12:6.
[k] Lam_3:31.
[l] Eph_4:30.
[m] Heb_6:12.
[n] 1Pe_1:3-4; Heb_1:14.

HOOFSTUK 13: OOR DIE HEILIGMAKING

I. Hulle wat kragdadig geroep en wedergebore is, met 'n nuwe hart en 'n nuwe gees in hulle voortgebring, word verder waarlik en persoonlik geheilig deur die krag van Christus se dood en opstanding [a] en deur sy Woord en Gees wat in hulle woning maak [b]; die heerskappy van die hele liggaam van sondes word tot niet gemaak [c], en die baie begeerlikhede daarvan word meer en meer verswak en gedood [d], en hulle word meer en meer verkwik en versterk in al die genade gawes [e], tot die praktyk van die ware heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie [f].

[a] 1Co_6:11; Act_20:32; Phi_3:10; Rom_6:5-6.
[b] Joh_17:17; Eph_5:26; 2Th_2:13.
[c] Rom_6:6, Rom_6:14.
[d] Gal_5:24; Rom_8:13.
[e] Col_1:11 ; Eph_3:16-19.
[f] 2Co_7:1; Heb_12:14.

II. Hierdie heiligmaking is deurlopend in die hele mens [g], nogtans onvolmaak in hierdie lewe; daar bly nog enige oorblyfsels van die verdorwenheid aanwesig in elke deel [h], waarvandaan daar 'n voortdurende en onversoenlike stryd ontstaan; die vlees begeer teen die Gees en die Gees teen die vlees [i].

[g] 1Th_5:23.
[h] 1Jo_1:10; Rom_7:18, Rom_7:23; Phi_3:12.
[i] Gal_5:17; 1Pe_2:11.

III. Alhoewel in hierdie stryd die oorblywende verdorwenheid vir 'n tyd in besonder oorheers [j], nogtans deur die voortdurende voorsiening van krag van die heiligmakende Gees van Christus, verkry die wederbarende deel die oorhand [k]; en aldus sal die heiliges in genade toeneem [l] en die heiligmaking in die vrese van God tot volmaaktheid bring [m].

[j] Rom_7:23.
[k] Rom_6:14; 1Jo_5:4; Eph_4:15-16.
[l] 2Pe_3:18; 2Co_3:18.
[m] 2Co_7:1.

HOOFSTUK 14: OOR DIE SALIGMAKENDE GELOOF

I. Die genadegawe van die geloof, waardeur die uitverkorenes bekwaam gemaak word om te glo tot die behoud van hulle siele [a] is die werk van die Gees van Christus in hulle harte [b] en word gewoonlik bewerk deur die prediking van die Woord [c], waardeur dit ook, en deur die bediening van die sakramente en deur die gebed, vermeerder en versterk word [d].

[a] Heb_10:39.
[b] 2Co_4:13; Eph_1:17-19; Eph_2:8.
[c] Rom_10:14, Rom_10:17.
[d] 1Pe_2:2; Act_20:32; Rom_4:11; Luk_17:5; Rom_1:16-17.

II. Deur hierdie geloof hou 'n Christen alles vir waaragtig wat in die Woord geopenbaar is, omdat die almag van God self daarin spreek [e] en reageer verskillend op die inhoud van elke besondere gedeelte; gee gehoorsaam oorgawe aan die bevele [f], sidder vir die dreigemente [g] en omhels die beloftes van God vir hierdie en die toekomende lewe [h]. Maar die belangrikste dade van die saligmakende geloof is om Christus te aanvaar, aan te neem en op Hom alleen te rus, vir die regverdigmaking, heiligmaking en die ewige lewe, kragtens die verbond van die genade [i].

[e] Joh_4:42; 1Th_2:13; 1Jo_5:10; Act_24:14.
[f] Rom_16:26.
[g] Isa_66:2.
[h] Heb_11:13; 1Ti_4:8.
[i] Joh_1:12; Act_16:31; Gal_2:20; Act_15:11.

III. Hierdie geloof is verskillend van graad, swak of sterk [j] en mag dikwels op verskillende wyse aangeval en verswak word, maar sal die oorwinning behaal [k] en sal in baie toeneem tot die verkryging van die volle versekerdheid deur Christus [l], wat die Leidsman en Voleinder van ons geloof is [m].

[j] Heb_5:13-14; Rom_4:19-20; Mat_6:30; Mat_8:10.
[k] Luk_22:31-32; Eph_6:16; 1Jo_5:4-5.
[l] Heb_6:11-12; Heb_10:22; Col_2:2.
[m] Heb_12:2.

HOOFSTUK 15: OOR DIE BEKERING TOT DIE LEWE

I. Die bekering tot die lewe is 'n evangeliese genadegawe [a] en die leer hiervan, sowel as die van die geloof in Christus, moet deur elke bedienaar van die Woord verkondig word [b].

[a] Zec_12:10; Act_11:18.
[b] Luk_24:47; Mar_1:15; Act_20:21.

II. Deur hierdie leer is 'n sondaar, uit die gesig en besef nie alleen die gevaar nie, maar ook die vuilheid en walglikheid van sy sondes, as strydig teen die heilige

natuur en regverdige wet van God en deur die oorweldiging van sy genade in Christus wat tot boetvaardigheid lei, bedroef oor sy sondes en haat hulle so dat hy hom daarvan geheel tot God bekeer [c] en ten doel te stel en te strewe om in al die weë van Sy gebooie te wandel [d].

[c] Eze_18:30-31; Eze_36:31; Isa_30:22; Psa_51:4; Jer_31:18-19; Joe_2:12-13; Amo_5:15; Psa_119:128; 2Co_7:11.
[d] Psa_119:6, Psa_119:59, Psa_119:106; Luk_1:6; 2Ki_23:25.

III. Alhoewel ons nie moet berus in die bekering as 'n bevrediging vir die sonde of enige oorsaak van die vergifnis daarvan nie, [e] wat 'n daad van God se vrye genade in Christus is [f]; nogtans is dit van so 'n noodsaaklikheid vir alle sondaars dat geeneen vergifnis daarsonder kan verwag nie [g].

[e] Eze_36:31-32; Eze_16:61-63.
[f] Hos_14:1, Hos_14:3; Rom_3:24; Eph_1:7.
[g] Luk_13:3, Luk_13:5; Act_17:30-31.

IV. Aangesien daar geen sonde so klein is of dit verdien verdoeming nie [h]; so is daar geen sonde so groot dat dit verdoeming kan bring oor diegene wat hulle waarlik bekeer nie [i].

[h] Rom_6:23; Rom_5:12; Mat_12:36.
[i] Isa_55:7; Rom_8:1; Isa_1:16, Isa_1:18.

V. 'n Mens behoort homself nie tevrede te stel met 'n algemene bekering nie, maar dit is elkeen se plig om hom te beywer om in eie afsondering hom van sy besondere sondes te bekeer [j].

[j] Psa_19:13; Luk_19:8; 1Ti_1:13, 1Ti_1:15.

VI. Aangesien elke mens verplig is om sy persoonlike sonde voor God te bely en vir die vergiffenis daarvan te bid [k]; waaroor hy by die nalaat daarvan barmhartigheid sal vind [l]; so behoort hy wat sy broeder of die Kerk van Christus belaster, gewillig te wees om deur 'n persoonlike of openbare belydenis en berou oor sy sonde, sy boetvaardigheid te verklaar tot diegene wat beledig is [m]; wat daarna met hom versoen moet word en in liefde hom ontvang [n].

[k] Psa_51:4-5, Psa_51:7, Psa_51:9, Psa_51:14; Psa_32:5-6.
[l] Pro_28:13; 1Jo_1:9.
[m] Jam_5:16; Luk_17:3-4; Jos_7:19; Psalm 51.
[n] 2Co_2:8.

HOOFSTUK 16: OOR DIE GOEIE WERKE

I. Goeie werke is alleen soos God hulle beveel het in sy heilige Woord [a] en nie sodanig as wat, sonder die magtiging daarvan, deur mense versin word uit blinde ywer of volgens enige skyn of goeie bedoeling nie [b].

[a] Mic_6:8; Rom_12:2; Heb_13:21.
[b] Mat_15:9; Isa_29:13; 1Pe_1:18; Rom_10:2; Joh_16:2; 1Sa_15:21-23.

II. Hierdie goeie werke gedoen in gehoorsaamheid aan God se gebooie, is die vrug en bewys van 'n ware en lewende geloof [c], en hierdeur openbaar die gelowiges hulle dankbaarheid [d], versterk hulle sekerheid [e], stig hulle broeders [f], versier die belydenis van die evangelie [g], stop die monde van die teëstanders [h] en verheerlik God [i] wie se maaksel hulle is, in Jesus Christus daartoe geskape [j], sodat hulle met die vrug tot heiligmaking uiteindelik die ewige lewe mag ontvang [k].

[c] Jam_2:18, Jam_2:22.
[d] Psa_116:12-13; 1Pe_2:9.
[e] 1Jo_2:3, 1Jo_2:5; 2Pe_1:5-10.
[f] 2Co_9:2; Mat_5:16.
[g] Tit_2:5, Tit_2:9-12; 1Ti_6:1.
[h] 1Pe_2:15.
[i] 1Pe_2:12; Phi_1:11; Joh_15:8.
[j] Eph_2:10.
[k] Rom_6:22.

III. Hulle vermoë om goeie werke te doen is geensins uit hulleself nie, maar geheel en al van die Gees van Christus [l]. Om hulle hiertoe in staat te stel newens die genadegawes wat hulle alreeds ontvang het, is nodig die daadwerklike invloed van die Heilige Gees wat in hulle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae [m]; nogtans mag hulle nie hierin nalatig word asof hulle nie gebonde is om enige diens te vervul nie, tensy op 'n besondere beweging van die Gees; maar hulle behoort ywerig te wees om die genadegawes van God op te wek wat in hulle is [n].

[l] Joh_15:4-6; Eze_36:26-27.
[m] Phi_2:13; Phi_4:13; 2Co_3:5.
[n] Phi_2:12; Heb_6:11-12; 2Pe_1:3, 2Pe_1:5, 2Pe_1:10-11; Isa_64:7; 2Ti_1:6; Act_26:6-7, Act_26:20-21; Jud_1:20-21.

IV. Diegene wat in hulle gehoorsaamheid die grootste hoogtes bereik wat in hierdie lewe moontlik is, is so ver van die moontlikheid om oortollige werke te doen en om meer te doen as wat God vereis, as wat hulle te kortkom in baie dinge wat hulle in hulle diens verplig is om te doen [o].

[o] Luk_17:10; Neh_13:22; Job_9:2-3; Gal_5:17.

V. Ons kan nie deur ons beste werke vergewing van sondes en die ewige lewe uit die hand van God verdien nie, vanweë die groot wanverhouding wat daar tussen die beste werke en die toekomstige heerlikheid is en die oneindige afstand wat daar tussen ons en God bestaan; deur hierdie werke kan ons geen voordeel nog enige voldoening van die skuld van ons vorige sondes ontvang nie [p]; maar wanneer ons alles gedoen het wat ons kan, dan het ons slegs ons plig gedoen en is ons onverdienstelike diensknegte [q]; en derhalwe, namate die werke goed is, kom hulle voort uit die Gees [r]; en namate hulle deur ons gewerk word, is hulle besmet en gemeng met soveel swakheid en onvolmaaktheid, dat hulle nie voor die strengheid van God se gerig kan standhou nie [s].

[p] Rom_3:20; Rom_4:2, Rom_4:4, Rom_4:6; Eph_2:8-9; Tit_3:5-7; Rom_8:18;

Psa_16:2; Job_22:2-3; Job_35:7-8.
[q] Luk_17:10.
[r] Gal_5:22-23.
[s] Isa_54:6; Gal_5:17; Rom_7:15, Rom_7:18; Psa_143:2; Psa_130:3.

VI. Nogtans, desnieteenstaande word die persoon van die gelowiges deur Christus aangeneem en ook hulle goeie werke in Hom [t]; nie asof hulle in hierdie lewe geheel en al onberispelik en onbestraflik in God se oë was nie [u], maar dat dit God behaag om hulle, terwyl Hy hulle aansien in sy Seun, aan te neem en te beloon vir dit wat opreg is, alhoewel deur baie swakhede en onvolmaakthede vergesel [v].

[t] Eph_1:6; 1Pe_2:5; Exo_28:38; Gen_4:4; Heb_11:4.
[u] Job_9:20; Psa_143:2.
[v] Heb_13:20-21; 2Co_8:12; Heb_6:10; Mat_25:21, Mat_25:23.

VII. Werke gedoen deur onwedergebore mense, alhoewel wat die wese daarvan aangaan, kan dinge wees wat God beveel het en nuttig wees vir hulleself en vir die ander [w]; nogtans, omdat hulle nie voortkom uit 'n hart wat deur die geloof gesuiwer is nie [x], nóg gedoen word op die regte wyse volgens die Woord [y], nóg tot die regte doel, die eer van God [z], daarom is hulle sondig en kan God nie behaag of 'n mens in staat stel om die genade van God te ontvang nie [a]. Nogtans is hulle verwaarlosing daarvan 'n groter sonde en 'n misnoeë vir God [b].

[w] 2Ki_10:30-31; 1Ki_21:27, 1Ki_21:29; Phi_1:15-16, Phi_1:18.
[x] Gen_4:5; Heb_11:4, Heb_11:6.
[y] 1Co_13:3; Isa_1:12.
[z] Mat_6:2, Mat_6:5, Mat_6:16.
[a] Hag_2:14; Tit_1:15; Amo_5:21-22; Hos_1:4; Rom_9:16; Tit_3:15.
[b] Psa_14:4; Psa_36:2; Job_21:14-15; Mat_25:41-43, Mat_25:45; Mat_23:3.

HOOFSTUK 17: OOR DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

I. Diegene wat deur God in Sy Geliefde aangeneem is en kragdadig geroep en geheilig is deur Sy Gees, kan nie geheel en al of finaal afval uit die staat van genade nie; maar sal sekerlik daarin tot die einde toe volhard en sal ewiglik gered word [a],

[a] Phi_1:6; 2Pe_1:10; Joh_10:28-29; 1Jo_3:9; 1Pe_1:5, 1Pe_1:9.

II. Hierdie volharding van die heiliges is nie afhanklik van hulle eie vrye wil nie, maar van die onveranderlikheid van die raad van verkiesing, wat voortvloei uit die vrye en onveranderlike liefde van God die Vader [b], en van die doeltreffendheid van die verdienstelikheid en voorbidding van Jesus Christus [c], die verblyf van die Gees, en van die saad van God in hulle [d] en die aard van die genadeverbond [e]; hieruit spruit ook die sekerheid en onfeilbaarheid van die volharding voort [f].

[b] 2Ti_2:18-19; Jer_31:3.
[c] Heb_10:10, Heb_10:14; Heb_13:20-21; Heb_9:12-15; Rom_8:33-39; Joh_17:11, Joh_17:24; Luk_22:32; Heb_7:25.
[d] Joh_14:16-17; 1Jo_2:27; 1Jo_3:9.

[e] Jer_32:40.
[f] Joh_10:28; 2Th_3:3; 1Jo_2:19.

III. Nietemin kan hulle in ernstige sondes val, deur die verleiding van die satan en die wêreld, die voorkoms van die verdorwenheid wat in hulle bly en die verontagsaming van die middel tot behoud [g], en vir 'n tyd lang daarin volhard [h]; daardeur haal hulle God se misnoeë oor hulle [i], en bedroef die Heilige Gees [j]; hulle beroof hulleself in geringe mate van hulle genadegawes en vertroostinge [k]; hulle verhard hulle harte [l]; hulle verwond hulle gewete [m]; hulle beseer en belaster ander [n], en haal tydelik die oordeel oor hulleself [o].

[g] Mat_26:70, Mat_26:72, Mat_26:74.
[h] Psa_51:1, Psa_51:1, Psa_51:14.
[i] Isa_64:5, Isa_64:7, Isa_64:9; 2Sa_11:27.
[j] Eph_4:30.
[k] Psa_51:8, Psa_51:10, Psa_51:12; Rev_2:4; Son_5:2-4, Son_5:6.
[l] Isa_63:17; Mar_6:52; Mar_16:14.
[m] Psa_32:3-4; Psa_51:8.
[n] 2Sa_12:14.
[o] Psa_89:31-32; 1Co_11:32.

HOOFSTUK 18: OOR DIE SEKERHEID VAN GENADE EN VERLOSSING

I. Alhoewel huigelaars en ander onwedergebore mense hulleself tevergeefs met valse verwagtinge en vleeslike vermetelheid mislei, dat hulle in die guns van God en in die staat van saligheid is [a]; 'n verwagting wat sal vergaan [b]; nogtans kan hulle wat waarlik in die Here Jesus glo, Hom opreg liefhet, en streef om met 'n goeie gewete voor Hom te wandel, in hierdie lewe ongetwyfeld verseker wees dat hulle in die staat van genade is [c]; en hulle mag hulle in die hoop op die heerlikheid van God verbly; 'n hoop wat hulle nooit beskaamd sal maak nie [d].

[a] Job_8:13-14; Mic_3:11; Deu_29:19; Joh_8:41.
[b] Mat_7:22-23.
[c] 1Jo_2:3; 1Jo_3:14, 1Jo_3:18-19, 1Jo_3:21, 1Jo_3:24; 1Jo_5:13.
[d] Rom_5:2, Rom_5:5.

II. Hierdie sekerheid is nie 'n blote veronderstelling en waarskynlike oortuiging gegrond op 'n feilbare hoop nie [e]; maar 'n onfeilbare sekerheid van geloof, gefundeer op die goddelike waarheid van die saligmakende beloftes [f], die innerlike bewys van hierdie genadegawes aan wie hierdie beloftes gemaak is [g], die getuienis van die Gees van aanneming getuig met ons gees dat ons kinders van God is [h]; hierdie Gees is die onderpand van ons erfenis, deur Wie ons tot die dag van verlossing verseël is [i].

[e] Heb_6:11, Heb_6:19.
[f] Heb_6:17-18.
[g] 2Pe_1:4-5, 2Pe_1:10-11; 1Jo_2:3; 1Jo_3:14; 2Co_1:12.
[h] Rom_8:15-16.
[i] Eph_1:13-14; Eph_4:30; 2Co_1:21-22.

III. Hierdie onfeilbare sekerheid behoort nie sodanig tot die kern van die geloof nie,

maar 'n ware gelowige kan lank wag en met baie moeilikhede worstel, alvorens hy daarvan deelgenoot word [j]; nogtans, aangesien hy deur die Gees in staat gestel is om die dinge wat hom vryelik deur God gegee is te weet, mag hy die sekerheid sonder 'n buitengewone openbaring deur die regte gebruik van gewone middele verkry [k]. Daarom is dit elkeen se plig, om hom te beywer om sy roeping en verkiesing vas te maak [l]; dat daardeur sy hart grootgemaak mag word in vrede en blydskap in die Heilige Gees, in liefde en dankbaarheid tot God en in krag en blymoedigheid in pligte van gehoorsaamheid [m]. Dit is die eintlike vrugte van hierdie sekerheid; ver daarvandaan is dit, dat dit 'n mens tot losbandigheid noop [n].

[j] 1Jo_5:13; Isa_50:10; Mar_9:24; Psalm 88; Psa_77:1-11.
[k] 1Co_2:12; 1Jo_4:13; Heb_6:11-12; Eph_3:17-19.
[l] 2Pe_1:10.
[m] Rom_5:1-2, Rom_5:5; Rom_14:17; Rom_15:13; Eph_1:3-4; Psa_4:6-7; Psa_119:32.
[n] 1Jo_2:1-2; Rom_2:11-12, Rom_2:14; 2Co_7:1; Rom_8:1, Rom_8:12; 1Jo_3:2-3; Psa_130:4; 1Jo_1:6-7.

IV. By ware gelowiges mag die sekerheid van hulle saligheid op verskeie maniere wankel, verminder en wisselvallig word; soos deur die verontagsaming in die bewaring daarvan; deur te val in 'n gruwelike sonde wat die gewete wond en die Gees bedroef; deur 'n plotselinge of heftige versoeking; deur God wat die lig van sy aangesig onttrek, en in lyding en selfs vrese vir Hom te wandel in duisternis en geen ligstraal te sien nie [o]; nogtans is hulle nooit heeltemal sonder die saad van God en die lewe van die geloof, die liefde van Christus en die broeders en die opregtheid van hart en gewete tot diens nie, waaruit hierdie sekerheid weer te syner tyd opgewek sal word deur die werking van die Gees [p], en waardeur hulle onderwyl bewaar word van algehele wanhoop [q].

[o] Son_5:2-3, Son_5:6; Psa_51:8, Psa_51:12, Psa_51:14; Eph_4:30-31; Psa_77:1-9; Mat_26:69-72; Psa_31:22; Psalm 88; Isa_50:10.
[p] 1Jo_3:9; Luk_22:32; Job_13:15; Psa_73:15; Psa_51:8, Psa_51:12; Isa_50:10.
[q] Mic_7:7-9; Jer_32:40; Isa_54:7-10; Psa_22:1, Psalm 88.

HOOFSTUK 19: OOR DIE WET VAN GOD

I. God het aan Adam 'n wet gegee as 'n verbond van werke, waardeur Hy hom en sy nageslag verplig het tot persoonlike, volkome, noukeurige en ewigdurende gehoorsaamheid; Hy beloof die lewe by die vervulling daarvan en dreig met die dood by die verbreking daarvan; en beklee hom met krag en vermoë om dit te kan nakom [a].

[a] Gen_1:26-27; Gen_2:17; Rom_2:14-15; Rom_10:5; Rom_5:12, Rom_5:19; Gal_3:10, Gal_3:12; Ecc_7:29; Job_28:28.

II. Hierdie wet is na die val van die mens gehandhaaf as 'n volmaakte reël van geregtigheid; en is as sulks op die berg Sinai deur God oorhandig in tien gebooie en op twee tafels geskryf [b]; die eerste vier gebooie bevat ons plig teenoor God en die ander ses ons plig teenoor ons naaste [c].

[b] Jam_1:25; Jam_2:8, Jam_2:10-12; Rom_13:8-9; Deu_5:32; Deu_10:4; Exo_34:1.
[c] Mat_22:37-40.

III. Dit het God behaag om, behalwe hierdie wet wat gewoonlik genoem word moreel, vir die volk Israel as onmondige kerk seremoniële wette te gee, wat verskeie kenmerkende instellings bevat het; gedeeltelik van die erediens, wat 'n voorafskaduwing van Christus was in Sy genadegawes, dade, lyding en weldade [d]; en gedeeltelike verkondiging van verskillende voorskrifte van sedelike pligte [e]. Al hierdie seremoniële wette is onder die Nuwe Testament afgeskaf [f].

[d] Heb. 9; Heb_10:1; Gal_4:1-3; Col_2:17.
[e] 1Co_5:7; 2Co_6:17; Jud_1:23.
[f] Col_2:14, Col_2:16-17; Dan_9:27; Eph_2:15-16.

IV. God het ook aan Israel as 'n politieke gesag, verskillende regterlike wette gegee, wat verval het tesame met die staat van die volk, en nou niemand méér daartoe bind nie, as wat die gemene reg daarvan mag vereis nie [g].

[g] Ex. 21 en 22; Gen_49:10; 1Pe_2:13-14; Mat_5:17, Mat_5:38-39; 1Co_9:8-10.

V. Die morele wet bind almal vir altyd, sowel die geregverdigde as ander persone, tot die gehoorsaamheid daarvan [h]; en dit nie alleen met betrekking tot die inhoud daarvan nie, maar ook met betrekking tot die gesag van God die Skepper, wat dit gegee het [i]. Ewemin het Christus in die evangelie dit op enige wyse ontbind, maar eerder hierdie verbintenis versterk [j].

[h] Rom_13:8-10; Eph_6:2; 1Jo_2:3-4, 1Jo_2:7-8.
[i] Jam_2:10-11.
[j] Mat_5:17-19; Jam_2:8; Rom_3:31.

VI. Alhoewel die ware gelowiges nie onder die wet as 'n verbond van werke is nie, om daardeur geregverdig of veroordeel te word nie [k]; nogtans is dit van groot nut vir hulle sowel as vir ander; daarin, dat dit hulle as 'n reël vir die lewe oor die wil van God inlig en hulle plig daarin, en hulle wandel dienooreenkomstig te rig en te bind [l]; ook om die sondige neigings van hulle natuur, harte en lewens te ontdek [m]; sodat hulle deur selfondersoek mag kom tot 'n nadere oortuiging van, verootmoediging oor en haat teen die sonde [n]; tesame met 'n helderder insig van hulle afhanklikheid van Christus en die volmaaktheid van sy gehoorsaamheid [o]. Desgelyks strek dit tot nut van die wedergeborenes om hulle verdorwenheid te bedwing, aangesien dit die sonde verbied [p]; en die dreiginge daarvan wys op wat selfs hulle sondes verdien, watter beproewinge hulle in hierdie lewe ook al mag verwag, alhoewel hulle van die vloek van die wet bevry is [q]. Desgelyks wys die beloftes daarvan op God se behae van die gehoorsaamheid en seëninge wat hulle mag verwag op die nakoming daarvan [r], alhoewel dit nie aan hulle toekom deur die wet as 'n verbond van werke nie [s]. Derhalwe is 'n mens wat die goeie doen en hom onthou van die kwaad, omdat die wet vir die een 'n aansporing en vir die ander 'n afskrikking is, nie 'n bewys dat hy onder die wet, en nie onder die genade is nie [t].

[k] Rom_6:14; Gal_2:16; Gal_3:13; Gal_4:4-5; Act_13:39; Rom_8:1.
[l] Rom_7:12, Rom_7:22, Rom_7:25; Psa_119:4-6; 1Co_7:19; Gal_5:14, Gal_5:16, Gal_5:18-23.
[m] Rom_7:7; Rom_3:20.
[n] Jam_1:23-25; Rom_7:9, Rom_7:14, Rom_7:24.
[o] Gal_3:24; Rom_7:24-25; Rom_8:3-4.
[p] Jam_2:11; Psa_119:101, Psa_119:104, Psa_119:128.
[q] Ezr_9:13-14; Psa_89:30-34.
[r] Lev_26:1-14; 2Co_6:16; Eph_6:2-3; Psa_37:12; Mat_5:5; Psa_19:10.
[s] Gal_2:16; Luk_17:10.
[t] Rom_6:12, Rom_6:14; 1Pe_3:8-12; Psa_34:11-15; Heb_12:28-29.

VII. Ewemin is die voormelde gebruike van die wet in stryd met die genade van die evangelie, maar is suiwer in ooreenstemming daarmee [u]; terwyl die Gees van Christus die wil van die mens onderwerp en in staat stel om vryelik en blymoedig te doen wat God vereis, soos in die wet geopenbaar [v].

[u] Gal_3:21.
[v] Eze_36:27; Heb_8:10; Jer_31:33.

HOOFSTUK 20: OOR DIE CHRISTELIKE VRYHEID EN VRYHEID VAN GEWETE

I. Die vryheid wat Christus vir sy gelowiges onder die evangelie verwerf het, bestaan in hulle vryheid van die sondeskuld, die veroordelende toorn van God en die vloek van die sedelike wet [a]; en in hulle bevryding van die teenswoordige bose wêreld, die binding van satan en die heerskappy van die sonde [b], van die kwaad van aanvegtinge, die angel van die dood, die oorwinning van die graf, en die ewige verdoemenis [c]; en ook in hulle vrye toegang tot God [d], en hulle toegewende gehoorsaamheid aan Hom, nie uit slaafse vrees nie, maar uit kinderlike liefde en 'n gewillige gees [e]. Alles waarvan die gelowiges onder die wet ook deelgenote was [f]; maar onder die Nuwe Testament is die vryheid van die Christene verder vergroot, in hulle vryheid van die juk van die seremoniële wet, waaraan die Joodse kerk onderworpe was [g], en in 'n groter vrymoedigheid van toegang tot die troon van genade [h], en in voller gemeenskap van die vrye Gees van God, meer as waarvan die gelowiges onder die wet gewoonlik deelgenote was [i].

[a] Tit_2:11; 1Th_1:10 ; Gal_3:13.
[b] Gal_1:4; Col_1:13; Act_26:10; Rom_6:14.
[c] Rom_8:28; Psa_119:71; 1Co_15:54-57; Rom_8:1.
[d] Rom_5:1-2.
[e] Rom_8:14-15; 1Jo_4:18.
[f] Gal_3:9, Gal_3:14.
[g] Gal_4:1-3, Gal_4:6-7; Gal_5:1; Act_15:10-11.
[h] Heb_4:14, Heb_4:16; Heb_10:19-22.
[i] Joh_7:38-39; 2Co_3:13, 2Co_3:17-18.

II. God alleen is Heer van die gewete [j] en het dit bevry van die leringe en gebooie van mense, wat in enige ding strydig is met sy Woord of daarnaas in sake van geloof of erediens [k]. Sodat om sulke leringe te glo of sulke gebooie ter wille van die gewete te gehoorsaam, is om die ware vryheid van gewete te verloën [l]; en

die vereiste van 'n volkome vertroue en 'n absolute en blinde gehoorsaamheid, is om die vryheid van gewete asook die rede daarvan te vernietig [m].

[j] Jam_4:12; Rom_14:4.
[k] Act_4:19; Act_5:29; 1Co_7:23; Mat_23:8-10; 2Co_1:24; Mat_15:9.
[l] Col_2:20, Col_2:22-23; Gal_1:10; Gal_2:4-5; Gal_5:1.
[m] Rom_10:17; Rom_14:23; Isa_8:20; Act_17:11; Joh_4:22; Hos_5:11; Rev_13:12, Rev_13:16-17; Jer_8:9.

III. Hulle wat onder 'n voorwendsel van Christelike vryheid enige sonde doen of enige begeerte koester, vernietig daardeur die doel van die Christelike vryheid; dit is, dat ons verlos synde uit die hand van ons vyande, die Here sonder vrees, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe kan dien [n].

[n] Gal_5:13; 1Pe_2:16; 2Pe_2:19; Joh_8:34; Luk_1:74-75.

IV. En omdat die magte wat God verorden en die vryheid wat Christus verwerf het, nie deur God bedoel is om te vernietig nie, maar om mekaar wederkerig te ondersteun en te onderhou; sal hulle wat onder voorwendsel van Christelike vryheid, enige wettige gesag teëstaan of die wettige uitoefening daarvan, synde of burgerlik of kerklik, die ordinansie van God weerstaan [o]. En hulle openbaarmaking van sulke gedagtes of handhawing van sulke praktyke, soos dit in stryd is met die lig van die natuur of met die bekende beginsels van die Christelikheid, hetsy met betrekking tot geloof, aanbidding of omgang; of met die krag van godsvrug; of sulke verkeerde gedagtes of praktyke, as of in hulle eie aard, of in die wyse van openbaarmaking of handhawing daarvan, is verwoestend vir die uiterlike vrede en orde wat Christus vir sy Kerk gevestig het; hulle kan wettiglik tot verantwoording geroep word [p] en deur die sensuur van die kerk en die mag van die owerheid vervolg word [q].

[o] Mat_12:25; 1Pe_2:13-14, 1Pe_2:16; Rom_13:1-8; Heb_13:17.
[p] Rom_1:32; 1Co_5:1, 1Co_5:5, 1Co_5:11, 1Co_5:13; 2Jo_1:10-11; 2Th_3:14; 1Ti_6:3-5; Tit_1:10-11, Tit_1:13; Tit_3:10; Mat_18:15-17; 1Ti_1:19-20; Rev_2:2, Rev_2:14-15, Rev_2:20; Rev_3:9.
[q] Deu_13:6-12; Rom_13:3-4; 2Jo_1:10-11; Ezr_7:23, Ezr_7:25-28; Rev_17:12, Rev_17:16-17; Neh_13:15; 2Ki_23:5-6, 2Ki_23:9, 2Ki_23:20-21; 2Ch_34:33; 2Ch_15:12-13, 2Ch_15:16; Dan_3:29; 1Ti_2:2; Isa_49:23; Zec_13:2-3.

HOOFSTUK 21: OOR GODSIENSTIGE AANBIDDING EN DIE SABBATDAG

I. Die lig van die natuur wys dat daar 'n God is wat heerskappy en soewereiniteit oor alles besit; Hy is goed en doen goed aan almal; en moet daarom gevrees, bemin, geprys, aangeroep, vertrou en gedien word met die hele hart en met die hele siel en met alle kragte [a]. Maar die welgevallige wyse om die ware God te aanbid, is deur Homself ingestel en is so beperk deur sy eie geopenbaarde wil, dat Hy nie aanbid mag word volgens die versinsels en uitvindings van mense of die ingewings van satan nie, onder enige sigbare voorstelling, of enige ander wyse wat nie in die heilige Skrif voorgeskryf is nie [b].

[a] Rom_1:20; Act_17:24; Psa_119:68; Jer_10:7; Psa_31:23; Psa_18:3;

Rom_10:12; Psa_62:9; Jos_24:14; Mar_12:33.
[b] Deu_12:32; Mat_15:9; Act_17:25; Mat_4:9-10; Deu_15:1-20; Exo_20:4-6; Col_2:23.

II. Erediens moet aan God die Vader, die Seun en die Heilige Gees betoon word; en aan Hom alleen [c]; nie aan engele, heiliges of enige ander skepsel nie [d]; en sedert die sondeval nie sonder 'n Middelaar nie; nóg deur die bemiddeling van enige iemand anders, behalwe deur Christus alleen nie [e].

[c] Mat_4:10; Joh_5:23; 2Co_13:14;
[d] Col_2:18; Rev_19:10; Rom_1:25.
[e] Joh_14:6; 1Ti_2:5; Eph_2:18; Col_3:17.

III. Die gebed met danksegging, wat een besondere deel van die erediens is [f], word deur God van alle mense vereis [g]; en dat dit aanneemlik mag wees, moet dit in die naam van die Seun gedoen word [h] met die bystand van sy Gees [i], volgens sy wil [j], met verstand, eerbied, nederigheid, vurigheid, geloof, liefde en volharding [k], en indien mondeling, in 'n bekende taal [l].

[f] Phi_4:6.
[g] Psa_65:2.
[h] Joh_14:13-14; 1Pe_2:5.
[i] Rom_8:26.
[j] 1Jo_5:14.
[k] Psa_47:8; Ecc_5:1-2; Heb_12:28; Gen_18:27; Jam_5:16; Jam_1:6-7; Mar_11:24; Mat_6:12, Mat_6:14-15; Col_4:2; Eph_6:18.
[l] 1Co_14:14.

IV. Gebede moet gedoen word vir wettige dinge [m], en vir alle soorte lewende mense, of vir hulle wat hierna sal lewe [n], maar nie vir die dode nie [o], nog vir hulle van wie dit bekend is dat hulle die sonde tot die dood gedoen het nie [p].

[m] 1Jo_5:14.
[n] 1Ti_2:1-2; Joh_17:20; 2Sa_7:29; Rth_4:12.
[o] 2Sa_12:21-23; Luk_16:25-26; Rev_14:13.
[p] 1Jo_5:16.

V. Die lees van die Skrifte met eerbiedige vrese [q]; die suiwere prediking [r], die bewuste hoor van die Woord in gehoorsaamheid aan God, met verstand, geloof en eerbied [s], die sing van psalms met dank in die hart [t], asook die regte bediening en waardige ontvangs van die sakramente deur Christus ingestel, is alles deel van die gewone erediens van God [u]; benewens die gelowige ede [v] en geloftes [w], plegtige vaste [x], en die dankseggings by besondere geleenthede [y], wat in hulle onderskeie tye en seisoene op 'n heilige en godsdienstige wyse gebruik moet word [z].

[q] Act_15:21; Rev_1:3.
[r] 2Ti_4:2.
[s] Jam_1:22; Act_10:33; Mat_13:9; Heb_4:2; Isa_56:2.
[t] Col_3:16; Eph_5:19; Jam_5:13.
[u] Mat_28:19; 1Co_11:23-29; Act_2:42.
[v] Deu_6:13; Neh_10:29.
[w] Isa_19:21; Ecc_5:5-6.

[x] Joe_2:12; Est_4:16; Mat_9:15; 1Co_7:5.
[y] Psalm 107; Est_9:22.
[z] Heb_12:28.

VI. Nóg die gebed, nóg enige ander deel van die erediens is nou onder die Evangelie of gebind aan, of word meer aanneemlik gemaak deur enige plek waar dit verrig of waarheen dit gerig word [a]; maar God moet orals aanbid word [b] in gees en waarheid [c]; soos daagliks [d] in eie gesinne [e] en vertroulik elkeen by homself [f]; maar des te plegtiger in die openbare samekomste, wat nie onverskillig of moedswillig verwaarloos of versaak moet word nie, wanneer God deur Sy Woord of voorsienigheid daartoe roep nie [g].

[a] Joh_4:21.
[b] Mal_1:11; 1Ti_2:8.
[c] Joh_4:23-24.
[d] Jer_10:25; Deu_6:6-7; Job_1:5; 2Sa_6:18, 2Sa_6:20; 1Pe_3:7; Act_10:2.
[e] Mat_6:11
[f] Mat_6:6; Eph_6:18.
[g] Isa_56:6-7; Heb_10:25; Pro_1:20-21, Pro_1:24; Pro_8:34; Act_13:42; Luk_4:16; Act_2:42.

VII. Aangesien dit die wet van die natuur is, dat daar in die algemeen 'n verpligte gedeelte van die tyd vir die aanbidding van God afgesonder word; so het God in Sy Woord deur 'n positiewe, sedelike en voortdurende bevel, wat vir alle mense in alle tye bindend is in besonder een dag uit sewe aangewys as 'n Sabbat om vir Hom heilig gehou te word [h]; wat van die begin van die wêreld tot die opstanding van Christus, die laaste dag van die week was; en vanaf die opstanding van Christus verander was na die eerste dag van die week [i], wat in die Skrif die Dag van die Here genoem word [j] en wat as die Christelike Sabbat voortgesit moet word tot die voleinding van die wêreld [k].

[h] Exo_20:8, Exo_20:10-11; Isa_56:2, Isa_56:4.
[i] Gen_2:2-3; 1Co_16:1-2; Act_20:7.
[j] Rev_1:10.
[k] Exo_20:8, Exo_20:10; Mat_5:17-18.

VIII. Hierdie Sabbat word dan heilig gehou aan die Here, wanneer mense, na 'n behoorlike voorbereiding van hulle harte en die vooraf reëling van alledaagse aangeleenthede, nie alleen 'n heilige rus van hulle eie werke, woorde en gedagtes omtrent hulle wêreldlike werke en ontspannings waarneem nie [l]; maar ook dat hulle die hele tyd in die openbare en persoonlike oefeninge van die aanbidding van die Here en in die werke van noodsaaklikheid en barmhartigheid opgeneem word [m].

[l] Exo_20:8; Exo_16:23, Exo_16:25-26, Exo_16:29-30; Exo_31:15-17; Isa_58:13; Neh_13:15-22.
[m] Isa_58:13; Mat_12:1-13.

HOOFSTUK 22: OOR DIE WETTIGE EED EN GELOFTE

I. 'n Wettige eed is deel van die godsdienstige erediens [a], waarin die persoon wat op 'n regte geleentheid plegtig sweer, God as getuie aanroep oor wat hy verklaar en beloof; en om hom te oordeel volgens die waarheid of valsheid van wat hy sweer [b].

[a] Deu_10:20.
[b] Exo_20:7; Lev_19:12; 2Co_1:23; 2Ch_6:22-23.

II. Mense mag alleenlik sweer by die naam van God, en dit moet daarin met alle heilige vrees en eerbied gebruik word [c]; daarom, om ydel of onbesonne by die glorieryke en vreeslike Naam, of in die algemeen by enige iets anders te sweer, is sondig en moet verafsku word [d]. Nogtans is 'n eed geregverdig deur die Woord van God, in sake van belang en gewig, onder die Nuwe sowel as onder die Ou Testament [e]; gevolglik behoort 'n wettige eed wat deur die wettige owerheid gevorder word, in sulke sake afgelê te word [f].

[c] Deu_6:13.
[d] Exo_20:7; Jer_5:7; Mat_5:34, Mat_5:37; Jam_5:12.
[e] Heb_6:16; 2Co_1:23; Isa_65:16.
[f] 1Ki_8:31; Neh_13:25; Ezr_10:5.

III. Wie ook al 'n eed aflê, behoort deeglik die erns van so 'n plegtige daad te oorweeg en daarin niks anders te verseker as waarvan hy ten volle oortuig is dat; dit die waarheid is nie [g]. Ewemin mag iemand homself tot enigiets deur 'n eed verbind, anders as wat goed en regverdig is en waarvan hy glo dat dit so is, en waartoe hy bekwaam en beslote is om dit uit te voer [h]. Nogtans is dit 'n sonde om 'n eed wat deur 'n wettige owerheid vereis word, betreffende enige saak wat goed en regverdig is, te weier [i].

[g] Exo_20:7; Jer_4:2.
[h] Gen_24:2-3, Gen_24:5-9.
[i] Num_5:19, Num_5:21; Neh_5:12; Exo_22:7-11.

IV. 'n Eed moet afgelê word met duidelike en eenvoudige sin van die woorde, sonder dubbelsinnigheid of bygedagte [j]. Dit kan nie verplig tot sonde nie; maar indien afgelê oor enigiets wat nie sondig is nie, dan verplig dit tot nakoming daarvan, ofskoon tot 'n mens se eie skade [k]; ook mag dit nie verbreek word nie, ofskoon afgelê aan ketters of ongelowiges [l].

[j] Jer_4:2; Psa_24:4.
[k] 1Sa_25:22, 1Sa_25:32-34; Psa_15:4.
[l] Eze_17:16, Eze_17:18-19; Jos_9:18-19; 2Sa_21:1.

V. 'n Gelofte is soortgelyk aan 'n eed met 'n belofte, en behoort met dieselfde godsdienstige versigtigheid gedoen en met dieselfde getrouheid gehou te word [m] .

[m] Isa_19:21; Ecc_5:3-5; Psa_61:8; Psa_66:13-14.

VI. Dit mag alleen aan God en nie aan enige skepsel afgelê word nie [n]; en dat dit

aangeneem mag word, daarom moet dit vrywillig uit die geloof en in pligsgetrouheid gedoen word, by wyse van dankbaarheid oor die genade ontvang of vir die verkryging van wat ons verlang; waardeur ons onsself strenger bind tot noodsaaklike pligte of tot ander dinge, sover en so lank as wat hulle paslik daartoe bydra [o].

[n] Psa_76:11; Jer_44:25-26.
[o] Deu_23:21-23; Psa_50:14; Gen_28:20-22; 1Sa_1:11; Psa_66:13-14; Psa_132:2-5.

VII. Niemand mag 'n gelofte aflê om te doen wat in die Woord van God verbode is nie, of wat enige diens daarin beveel, verhinder nie, of wat nie in sy vermoë is en geen belofte of bekwaamheid van God ontvang het, om dit te volbring nie [p]. In welke opsig die Pouslike kloostergeloftes of lewenslange ongetroude lewe, betuigde armoede en gehoorsaamheid aan 'n vaste reël, so ver van 'n hoër graad van volmaaktheid is, dat dit bygelowig is en sondige valstrikke, waarin geen Christen homself moet verstrengel nie [q].

[p] Act_23:12, Act_23:14; Mar_6:26; Num_30:5, Num_30:8, Num_30:12-13.
[q] Mat_19:11-12; 1Co_7:2, 1Co_7:9; Eph_4:28; 1Pe_4:2; 1Co_7:23.

HOOFSTUK 23: OOR DIE BURGERLIKE OWERHEID

I. God, die hoogste Heer en Koning van die hele wêreld het die burgerlike owerhede ingestel onder Hom oor die mense, tot Sy eie heerlikheid en die openbare welsyn; en het hulle vir die doel gewapen met die mag van die swaard, tot die beskerming en bemoediging van hulle wat goed doen, en tot bestraffing van die kwaaddoeners [a].

[a] Rom_13:1-14; 1Pe_2:13-14.

II. Dit is vir Christene wettig om die amp van 'n owerheidspersoon te aanvaar en uit te voer, wanneer daartoe geroep; [b] in die bestuur waarvan hulle in die besonder vroomheid, regverdigheid en vrede behoort te handhaaf, volgens die daaglikse wette van elke land [c]; dus, vir daardie doel mag hulle nou onder die Nuwe Testament wettiglik oorlog voer by regverdige en noodsaaklike geleenthede [d].

[b] Pro_8:15-16; Rom_13:1-4.
[c] Psa_2:10-12; 1Ti_2:2; Psa_82:3-4; 2Sa_23:3; 1Pe_2:13.
[d] Luk_3:14; Rom_13:4; Mat_8:9-10; Act_10:1-2; Rev_17:14, Rev_17:16.

III. Die owerheid mag nie vir homself die bediening van die Woord en sakramente of die mag van die sleutels van die Koninkryk van die hemele toe-eien nie [e]; nogtans het hy die mag en is dit sy plig om toe te sien, dat eenheid en vrede in die Kerk bewaar word, dat die waarheid van God suiwer en ongeskonde bewaar word, dat alle Godslastering en ketterye onderdruk word, alle verbastering en misbruik in die diens en tug verhoed of hervorm word, en al die insettinge van God behoorlik vasgestel, bedien en waargeneem word [f]. Tot die beter verwesenliking hiervan, besit hy die bevoegdheid om sinodes saam te roep, om daarin teenwoordig te wees en sorg te dra dat wat ook al afgehandel word, ooreenkomstig die wil van God moet wees [g].

[e] 2Ch_26:18; Mat_18:17; Mat_16:19; 1Co_12:28-29; Eph_4:11-12; 1Co_4:1-2; Rom_10:15; Heb_5:4.
[f] Isa_49:23; Psa_122:9; Ezr_7:23, Ezr_7:25-28; Lev_24:16; Deu_13:5-6; 2Ki_18:4; 1Ch_13:1-9; 2Ki_23:1-26; 2Ch_34:33; 2Ch_15:12-13.
[g] 2Ch_19:8-11; 2 Kor. 29 en 30; Mat. 2:4-5.

IV. Dit is die mense se plig om vir die owerhede te bid [h], om hulle persone te eer [i], om aan hulle belastings te betaal en ander gelde wat hulle toekom [j], om hulle wettige bevele te gehoorsaam en onderworpe te wees aan hulle gesag, ter wille van die gewete [k]. Ongelowigheid of verskil in godsdiens maak nie die owerheid se regverdige en wettige gesag kragteloos nie, nog bevry dit die mense van verskuldigde gehoorsaamheid aan hom [l]; waarvan kerklike persone nie gevrywaar is nie [m]; nog minder het die Pous enige mag of regsbevoegdheid oor hulle in hulle heerskappy, of oor enige van hulle onderdane nie; en die minste van alles om hulle van hulle heerskappy en lewens te beroof, indien hy hulle as ketters of onder enige voorwendsel ook al sou oordeel [n].

[h] 1Ti_2:1-2.
[i] 1Pe_2:17.
[j] Rom_13:6-7.
[k] Rom_13:5; Tit_3:1.
[l] 1Pe_2:13-14, 1Pe_2:16.
[m] Rom_13:1; 1Ki_2:35; Act_25:9-11; 2Pe_2:1, 2Pe_2:10-11; Jud_1:8-11
[n] 2Th_2:4; Rev_13:15-17.

HOOFSTUK 24: OOR HUWELIK EN EGSKEIDING

I. Die huwelik moet wees tussen een man en een vrou; nóg is dit wettig vir enige man om meer as een vrou, nóg vir enige vrou om meer as een man terselfdertyd te hê [a].

[a] Gen_2:24; Mat_19:5-6; Pro_2:17.

II. Die huwelik was ingestel vir die wedersydse hulp van man en vrou [b]; vir die vermeerdering van die mensheid met 'n wettige nakomelingskap en vir die kerk met 'n heilige saad [c]; en vir die voorkoming van onkuisheid [d].

[b] Gen_2:18.
[c] Mal_2:15.
[d] 1Co_7:2, 1Co_7:9.

III. Dit is vir allerhande mense geoorloof om te trou, wat in staat is om met oordeel hulle toestemming te betuig [e]; nogtans is dit die plig van Christene om alleenlik in die Here te trou [f]. Daarom behoort diegene wat die ware gereformeerde geloof bely, nie te trou met ongelowiges, Roomsgesindes of ander afgodsdienaars nie; ewemin behoort die godvresendes in dieselfde juk te trek, deur te trou met diegene wat 'n berugte sondige lewe lei, of wat vervloekte ketterye handhaaf (g) .

[e] Heb_13:4; 1Ti_4:3; 1Co_7:36-38; Gen_24:57-58.
[f] 1Co_7:39.

[g] Gen_34:14; Exo_34:16; Deu_7:3-4; 1Ki_11:4; Neh_13:25-27; Mal_2:11-12; 2Co_6:14.

IV. Die huwelik behoort nie te wees binne die graad van bloedverwantskap of aanverwantskap wat deur die Woord verbied is nie [h]; ook kan sulke huwelike in bloedskande ooit gewettig word deur enige menslike wet of toestemming van partye nie, sodat daardie persone saam mag leef as man en vrou nie [i]. Die man mag nie trou met enige bloedverwant van sy vrou, nader in verwantskap as wat hy van sy eie mag nie, ook nie die vrou met die bloedverwant van haar man, nader in verwantskap as die van haar eie nie [j].

[h] Lev. 18; 1Co_5:1; Amo_2:7.
[i] Mar_6:18; Lev_18:24-28.
[j] Lev_20:19-21.

V. Owerspel en hoerery wat na 'n verbintenis gepleeg en voor die huwelik ontdek word, gee aan die onskuldige party 'n regverdige aanleiding tot die ontbinding van die verbintenis [k]. In die geval van owerspel na die huwelik, is dit wettig vir die onskuldige party om 'n egskeiding aan te vra [l], en na die egskeiding met 'n ander een te trou, asof die skuldige party dood was [m].

[k] Mat_1:18-20.
[l] Mat_5:31-32.
[m] Mat_19:9; Rom_7:2-3.

VI. Alhoewel die verdorwenheid van die mense geneig is om argumente aan te voer, deur ten onregte hulle te skei wat God in die huwelik saamgevoeg het; nogtans is niks anders as owerspel of sodanige moedswillige verlating, wat op geen enkele wyse deur die Kerk of owerheid verhelp kan word nie, genoegsame rede om die huweliksband te ontbind [n]; waarin 'n openbare en ordelike verloop van sake waargeneem en die betrokke persone nie aan hulle eie wil en goeddunke van hulle eie geval oorgelaat moet word nie [o].

[n] Mat_19:8-9; 1Co_7:15; Mat_19:6.
[o] Deu_24:1-4

HOOFSTUK 25: OOR DIE KERK

I. Die katolieke of algemene kerk wat onsigbaar is, bestaan uit die volle getal van die uitverkorenes wat daar was, is en verenig sal word onder die een Hoof Christus, en is die bruid, die liggaam en die volheid van Hom wat alles in almal vervul [a].

[a] Eph_1:10, Eph_1:22-23; Eph_5:23, Eph_5:27, Eph_5:32; Col_1:18.

II. Die sigbare kerk, wat ook katoliek of algemeen is onder die evangelie, (nie beperk tot een nasie soos tevore onder die wet nie), bestaan uit al diegene oor die wêreld wat die ware geloof bely [b], saam met hulle kinders [c]; en is die koninkryk van die Here Jesus Christus [d], die huisgesin en geslag van God [e], waarbuite daar geen gewone moontlikheid van saligheid is nie [f].

[b] 1Co_1:2; 1Co_12:12-13; Psa_2:8; Rev_7:9; Rom_15:9-12.
[c] 1Co_7:14; Act_2:39; Eze_16:20-21; Rom_11:16; Gen_3:15; Gen_17:7.
[d] Mat_13:47; Isa_9:7.
[e] Eph_2:19; Eph_3:15.
[f] Act_2:47.

III. Christus het aan hierdie sigbare katolieke kerk die bediening, godsprake en insettinge van God gegee, vir die vergadering en toerusting van die heiliges in hierdie lewe, tot die voleinding van die wêreld; en maak hulle daartoe bekwaam deur sy eie teenwoordigheid en Gees, volgens sy beloftes [g].

[g] 1Co_12:28; Eph_4:11-13; Mat_28:19-20; Isa_59:21.

IV. Hierdie katolieke kerk was somtyds meer en somtyds minder sigbaar [h]. En bepaalde kerke wat lede daarvan is, is meer of minder suiwer, namate die leer van die evangelie verkondig en omhels word, die kerklike reëls toegepas en die openbare erediens meer of minder suiwer uitgevoer word [i].

[h] Rom_11:3-4; Rev_12:6, Rev_12:14.
[i] Openb. 2, 3; 1Co_5:6-7.

V. Die suiwerste kerke onder die hemel is onderhewig aan sowel vermenging as dwaling [j]; en sommige het sover ontaard dat hulle nie langer kerke van Christus is nie maar vergaderings (sinagoges) van die Satan [k]. Nietemin sal daar altyd 'n kerk op aarde wees wat God aanbid ooreenkomstig sy wil [l].

[j] 1Co_13:12; Openb. 2, 3; Mat_13:24-30, Mat_13:47.
[k] Rev_18:2; Rom_11:18-22.
[l] Mat_16:18; Psa_72:17; Psa_102:27; Mat_28:19-20.

VI. Daar is geen ander hoof van die kerk, as die Here Jesus Christus nie [m]; ewemin kan die Pous van Rome in enige sin die hoof daarvan wees; maar is die Antichris, die mens van sonde, die seun van die verderf, wat homself in die kerk teen Christus verhef en alles wat God genoem word [n].

[m] Col_1:18; Eph_1:22.
[n] Mat_28:8-10; 2Th_2:3-4, 2Th_2:8-9; Rev_13:6.

HOOFSTUK 26: OOR DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

I. Alle heiliges wat in Jesus Christus hulle Hoof, deur sy Gees en deur die geloof verenig is, het gemeenskap met Hom in sy genadegawes, lyde, dood, opstanding en heerlikheid [a]; en hulle het, verenig tot mekaar in liefde, gemeenskap in mekaar se gawes en genadegawes [b]; en hulle is verplig tot die nakoming van sulke dienste, sowel openbaar as persoonlik, tot die bevordering van die onderlinge welsyn, sowel in die innerlike as die uiterlike mens [c].

[a] 1Jo_1:3; Eph_3:16-19; Joh_1:16; Eph_2:5-6; Phi_3:10; Rom_6:5-6; 2Ti_2:12
[b] Eph_4:15-16; 1Co_12:7; 1Co_3:21-23; Col_2:19
[c] 1Th_5:11, 1Th_5:14; Rom_1:11-12, Rom_1:14; 1Jo_3:16-18; Gal_6:10.

II. Die heiliges is deur hulle belydenis verbind om 'n heilige broederskap en gemeenskap in die erediens van God te handhaaf, en die vervulling van ander geestelike dienste wat strek tot onderlinge opbouing [d]; sowel as om mekaar ondersteuning te gee in uitwendige dinge volgens hulle onderskeie talente en behoeftes. Hierdie gemeenskap moet uitgebrei word na almal en op elke plek wat die naam van die Here Jesus aanroep, wanneer God die geleentheid daartoe bied [e].

[d] Heb_10:24-25; Act_2:42, Act_2:46; Isa_2:3; 1Co_11:20
[e] Act_2:44-45; 1Jo_3:17; 2 Kor. 8 en 9; Act_11:29-30.

III. Die gemeenskap wat die heiliges met Christus besit, maak hulle geensins doelgenote van die wese van sy Godheid, of in enige opsig gelyk aan Christus nie; die bevestiging van beide is goddeloos en godslasterlik [f]. Ewemin sal die gemeenskap met mekaar as heiliges, die titel of eiendom wat; elke man besit in sy goedere en besittings, wegneem of skend [g].

[f] Col_1:18-19; 1Co_8:6; Isa_42:8; 1Ti_6:15-16; Psa_45:7; Heb_1:8-9
[g] Exo_20:15; Eph_4:28 ; Act_5:4

HOOFSTUK 27: OOR DIE SAKKAMENTE

I. Sakramente is heilige tekens en seëls van die genadeverbond [a] onmiddellik deur God ingestel [b], om ons Christus en sy weldade af te beeld en ons aandeel in Hom te bekragtig [c]; asook om 'n sigbare onderskeid te stel tussen diegene wat tot die kerk behoort en die res van die wêreld [d]; en om hulle ernstig tot die diens van God in Christus te verbind, volgens sy woord [e].

[a] Rom_4:11; Gen_17:7, Gen_17:10
[b] Mat_28:19; 1Co_11:23
[c] 1Co_10:16; 1Co_11:25-26; Gal_3:27; Gal_3:17
[d] Rom_15:8; Exo_12:48; Gen_34:14;
[e] Rom_6:3-4; 1Co_10:16, 1Co_10:21.

II. Daar is in elke sakrament 'n geestelike verband of 'n sakramentele eenheid tussen die teken en die saak wat beteken word; daarom gebeur dit dat die name en strekkinge van die een, aan die ander toegeskryf word [f].

[f] Gen_17:10; Mat_26:27-28; Tit_3:5.

III. Die genade wat deur die regte gebruik in of deur die sakramente tentoongestel word, word nie oorgedra deur enige krag wat hulle sou besit nie; ewemin is die doeltreffendheid van die sakramente geleë in die vroomheid of voorneme van hom wat dit bedien nie [g], maar deur die werk van die Gees [h], en deur die instellingswoord wat, tesame met 'n bevel wat die gebruik daarvan wettig, 'n belofte van heil bevat vir waardige ontvangers [i].

[g] Rom_2:28-29; 1Pe_3:21.
[h] Mat_3:11; 1Co_12:13
[i] Mat_26:27-28; Mat_28:19-20

IV. Daar is slegs twee sakramente deur Christus onse Here in die evangelie ingestel, tewete die Doop en die Nagmaal van die Here, waarvan die bediening uitgevoer mag word deur niemand anders as 'n bediener van die Woord, wat wettiglik bevestig is nie [j].

[j] Mat_28:19; 1Co_11:20, 1Co_11:23; 1Co_4:1; Heb_5:4

V. Die sakramente van die Ou Testament met betrekking tot die geestelike dinge daarin beteken en tentoongestel, was in wese dieselfde as die van die Nuwe Testament [k].

[k] 1Co_10:1-4

HOOFSTUK 28: OOR DIE HEILIGE DOOP

I. Die heilige doop is 'n sakrament van die Nuwe Testament wat deur Jesus Christus ingestel is [a], nie alleen vir die plegtige toelating van die persoon wat in die sigbare kerk gedoop word nie [b], maar ook om vir hom 'n teken en seël van die genadeverbond te wees [c], van sy inlywing in Christus [d], van die wedergeboorte [e], van die vergewing van sondes [f] en van sy oorgawe aan God deur Jesus Christus, om in die vernuwing van die lewe te wandel [g]. Hierdie sakrament moet volgens Christus se eie instelling in die kerk tot aan die voleinding van die wêreld voortgesit word [h].

[a] Mat_28:19
[b] 1Co_12:13
[c] Rom_4:11; Col_2:11-12
[d] Gal_3:27; Rom_6:5.
[e] Tit_3:5
[f] Mar_1:4
[g] Rom_6:3-4
[h] Mat_28:19-20

II. Die uitwendige teken wat in hierdie sakrament gebruik moet word is water, waarmee die persoon gedoop moet word in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, deur 'n bedienaar van die evangelie wat wettiglik daartoe geroep is [i].

[i] Mat_3:11; Joh_1:33; Mat_28:19-20.

III. Die Onderdompeling van 'n persoon in water is nie noodsaaklik nie; maar die doop word reg bedien deur uitgieting of besprinkeling van water op die persoon [j].

[j] Heb_9:10, Heb_9:19-22; Act_2:41; Act_16:33; Mar_7:4;

IV. Nie alleen hulle wat metterdaad In Christus glo en aan Hom gehoorsaam is [k], moet gedoop word nie, maar ook die kinders van een of albei gelowige ouers [l].

[k] Mar_16:15-16; Act_8:37-38;

[l] Gen_17:7, Gen_17:9; Gal_3:9, Gal_3:14; Col_2:11-12; Act_2:38-39; Rom_4:1, Rom_4:12; 1Co_7:14; Mat_28:19; Mar_10:13-16; Luk_18:15.

V. Alhoewel dit 'n groot sonde is om hierdie ordinansie te verag of te verwaarloos [m], nogtans is die genade en saligheid nie so onafskeidelik daaraan verbind nie, as sou geen persoon daarsonder wedergebore of gered kan word nie [n], of dat almal wat gedoop is ongetwyfeld wedergebore is [o].

[m] Luk_7:30; Exo_4:24-26.
[n] Rom_4:11; Act_10:2, Act_10:4, Act_10:22, Act_10:31, Act_10:45, Act_10:47.
[o] Act_8:13, Act_8:23.

VI. Die werksaamheid van die doop is nie gebonde aan die oomblik of tyd waarin dit bedien word nie [p]; nogtans desnieteenstaande, deur die regte gebruik van hierdie ordinansie word die beloofde genade nie alleenlik aangebied nie, maar werklik deur die Heilige Gees ten toon gestel en verleen aan diegene tot wie die genade behoort (hetsy oud of jonk), volgens die raad van God se eie wil en op sy vasgestelde tyd [q].

[p] Joh_3:5, Joh_3:8.
[q] Gal_3:27; Tit_3:5; Eph_5:25-26; Act_2:38, Act_2:41.

VII. Die sakrament van die doop mag slegs eenmaal aan elke persoon bedien word [r].

[r] Tit_3:5.

HOOFSTUK 29: OOR DIE HEILIGE NAGMAAL

I. Ons Here Jesus het in die nag waarin Hy verraai is, die sakrament van sy liggaam en bloed ingestel, naamlik die Heilige Nagmaal, wat in sy Kerk gevier moet word tot die voleinding van die wêreld, tot 'n ewigdurende gedagtenis van die offerande van Homself in sy dood, die verseëling van al sy weldade aan die ware gelowiges, hulle geestelike voedingskrag en groei in Hom, hulle verdere verbintenis in en tot al die werke wat Hom toekom, en om 'n band en onderpand te wees van hulle gemeenskap met Hom en met mekaar, as lede van sy mistieke liggaam [a].

[a] 1Co_11:23-26; 1Co_10:16-17, 1Co_10:21; 1Co_12:13

II. In hierdie sakrament word Christus nie geoffer aan sy Vader nie, nog minder word daar enige werklike offerande gebring vir die vergewing van sondes, van die lewende en die dode nie [b]; maar alleenlik 'n herdenking van die enige offer van Homself, deur Homself aan die kruis, eenmaal vir altyd, en 'n geestelike offerande vir alle moontlike lof aan God vir dieselfde [c]; sodat die Roomse misoffer, soos hulle dit noem, afskuwelik beledigend teenoor Christus se enige offerande, die enigste soenoffer vir al die sondes van die uitverkorenes is [d].

[b] Heb_9:22, Heb_9:25-26, Heb_9:28
[c] 1Co_11:24-26; Mat_26:26-27

[d] Heb_7:23-24, Heb_7:27; Heb_10:11-12, Heb_10:14, Heb_10:18.

III. Die Here Jesus het in hierdie ordinansie sy dienaars aangestel om die instellingswoord aan die mense te verkondig, om te bid en die tekens van brood en wyn te seën, en om dit sodoende af te sonder van 'n alledaagse tot 'n heilige gebruik; en om die brood te neem en te breek, die beker te neem en (terwyl hulle ook self die nagmaal gebruik) beide aan die Nagmaalgangers te gee [e]; maar aan geeneen wat nie in die Kerkvergadering aanwesig is nie [f].

[e] Mat_26:26-28; Mar_14:22-24; Luk_22:19-20; 1Co_11:23-26
[f] Act_20:7; 1Co_11:20

IV. Persoonlike misse of ontvangs van die sakrament wat deur 'n priester bedien word, of deur enige iemand anders alleen [g]; eweneens die weerhouding van die beker aan die volk [h]; die aanbidding van die tekens en die verafgoding daarvan deur opheffing en rondbeweging, en om die bewaring daarvan vir enige geestelike voorwendsel te gebruik; is heeltemal strydig met die aard van hierdie sakrament, en met die instelling van Christus [i].

[g] 1Co_10:6
[h] Mar_14:23; 1Co_11:25-29
[i] Mat_15:9

V. Die uitwendige waartekens van hierdie sakrament, wat deur Christus vir hierdie gebruik afgesonder is, het sodanige verband tot sy kruisiging dat hulle waarlik, dog uitsluitlik sakramenteel, somtyds genoem word deur die saak van die dinge wat hulle uitbeeld, tewete die liggaam en bloed van Christus; [j] alhoewel, in aard en wese bly hulle waarlik en alleenlik brood en wyn soos tevore [k].

[j] Mat_26:26-28
[k] 1Co_11:26-28; Mat_26:29

VI. Die leer, wat die verandering van die substansie van brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus handhaaf, (ook bekend as die Transsubstansiasie) en deur 'n priester gewy word, of op enige ander manier, is nie alleen strydig met die Skrif nie, maar selfs met die gesonde verstand en rede; wat die wese van hierdie sakrament omverwerp; en wat die oorsaak was en is van menigvuldige bygelowigheid, ja van growwe afgodsdiens [l].

[l] Act_3:21; 1Co_11:24-26; Luk_24:6, Luk_24:39

VII. Waardige deelgenote wat uitwendig deelneem aan die sigbare waartekens in hierdie sakrament [m], sal dan ook inwendig deur die geloof, werklik en inderdaad, tog nie vleeslik of liggaamlik nie maar geestelik, ontvang en gevoed word deur Christus wat gekruisig is, en al die weldade van sy dood; die liggaam en bloed van Christus is nie liggaamlik en vleeslik in, met en onder die brood en wyn nie; tog so werklik, maar geestelik, aanwesig vir die geloof van die gelowiges in die ordinansie, soos die elemente self vir hulle uitwendige sinne is [n].

[m] 1Co_11:28;
[n] 1Co_10:16.

VIII. Alhoewel onverstandige en slegte mense die uitwendige waartekens in hierdie sakrament ontvang, nogtans ontvang hulle nie die betekende saak nie; maar deurdat hulle op onwaardige wyse daartoe kom, is hulle skuldig aan die liggaam en bloed van Christus, tot hulle eie verdoemenis. Aangesien alle onverstandige en goddelose mense ongeskik is om deel te hê in die gemeenskap met Christus, so is hulle onwaardig aan die tafel van die Here en kan hulle nie, terwyl hulle volhard in hulle groot sondes teen Christus, deel hê aan daardie heilige verborgenhede [o], of daartoe toegelaat word nie [p].

[o] 1Co_11:27-29; 2Co_6:14-16
[p] 1Co_5:6-7, 1Co_5:13; 2Th_3:6, 2Th_3:14-15; Mat_7:6

HOOFSTUK 30: OOR DIE KERKLIKE SENSUUR

I. Die Here Jesus het as Koning en Hoof van sy Kerk, 'n regering in die hande van Kerklike ampsdraers daarin aangestel, onderskei van die burgerlike owerheid [a].

[a] Isa_9:6-7; 1Ti_5:17; 1Th_5:12; Act_20:17-18; Heb_13:7, Heb_13:17, Heb_13:24; 1Co_12:28; Mat_28:18-20

II. Die sleutels van die koninkryk van die hemele is toevertrou aan hierdie ampsdraers, op grond waarvan hulle bevoegdheid besit om onderskeidelik sondes vas te hou en kwyt te skeld, om die koninkryk te sluit vir die onboetvaardiges, deur sowel die Woord as die tug; om oop te maak vir die boetvaardige sondaars deur die bediening van die evangelie, en opheffing van die sensuur, soos die geleentheid dit vereis [b].

[b] Mat_16:19; Mat_18:17-18; Joh_20:21-23; 2Co_2:6-8

III. Die Kerklike tug is noodsaaklik om te red en te behou die broeders wat 'n oortreding begaan het; om ander van dieselfde oortreding te weerhou; om die suurdeeg te suiwer voordat die hele deeg bederf; om die ere van Christus en die heilige bediening van die evangelie te eerbiedig; en om te voorkom dat die toorn van God miskien met reg oor die Kerk sou kom, wat toelaat dat sy verbond en seëls deur berugte en hardnekkige sondaars ontheilig word [c].

[c] 1 Kor. 5; 1Ti_5:20; Mat_7:6; 1Ti_1:20; 1Co_11:27-34; Jud_1:23.

IV. Vir die beter verwesenliking van hierdie doel, moet die ampsdraers voortgaan om te vermaan, deur afhouding van die sakrament van die Heilige Nagmaal vir 'n tydperk en deur die afsnyding van die Kerk volgens die aard van die sonde en ondiens van die persoon [d].

[d] 1Th_5:12; 2Th_3:6, 2Th_3:14-15; 1Co_5:4-5, 1Co_5:13; Mat_18:17; Tit_3:10

HOOFSTUK 31: OOR SINODES EN KERKLIKE VERGADERINGS

I. Vir die beter regering en nadere opbouing van die Kerk, behoort daar vergaderings te wees wat algemeen bekend staan as sinodes of kerklike vergaderings [a].

[a] Act_15:2, Act_15:4, Act_15:6

II. Aangesien die owerheid wettiglik 'n sinode mag saamroep van predikante en ander geskikte persone, om deur beraadslaging advies in te win oor godsdiensaangeleenthede [b]; so mag ook die dienaars van Christus uit krag van hulle amp, of hulle, saam met ander geskikte persone as afgevaardigdes van hulle gemeentes, byeenkom in sulke vergaderings wanneer die owerheid die kerk openlik vyandig gesind is [c].

[b] Isa_49:23; 1Ti_2:1-2; 2Ch_19:8-11; 2 Kron. 29 en 30; Mat_2:4-5; Pro_11:14
[c] Act_15:2, Act_15:4, Act_15:22-23, Act_15:25.

III. Dit is die taak van die sinodes of kerklike vergaderings om amptelik geloofsgeskille en gevalle van gewetensbesware vas te stel; om reëls en voorskrifte vas te stel vir die beter orde van die openbare erediens van God en die regering van sy kerk; om klagtes en gevalle van wanbestuur te ondersoek en gesaghebbend daaroor te oordeel; hierdie besluite en beslissings moet, indien in ooreenstemming met die Woord van God, ontvang word met eerbied en onderwerping, nie alleen omdat dit met die Woord ooreenstem nie, maar ook om die gesag waardeur dit gemaak is, as 'n ordinansie van God in sy Woord daartoe aangewys [d].

[d] Act_15:15, Act_15:19, Act_15:24, Act_15:27-31; Act_16:4; Mat_18:17-20.

IV. Alle sinodes of kerklike vergaderings sedert die tyd van die apostels, of hulle nou algemeen of besonder is, kan dwaal en het reeds gedwaal; daarom moet hulle nie as 'n reël van die geloof en praktyk gemaak word nie, maar moet as 'n hulp dien vir beide [e].

[e] Eph_2:20; Act_17:11; 1Co_2:5; 2Co_1:24

V. Sinodes en kerklike vergaderings sal niks anders as Kerklike sake hanteer en behandel nie; en hulle nie inlaat met burgerlike sake wat die owerheid aangaan nie, tensy deur middel van 'n nederige versoekskrif in buitengewone gevalle; of by wyse van advies vir bevrediging van die gewete, wanneer die owerheid dit vereis [f].

[f] Luk_12:13-14; Joh_18:36

HOOFSTUK 32: OOR DIE STAAT VAN DIE MENS NA DIE DOOD, EN VAN DIE WEDEROPSTANDING UIT DIE DODE

I. Die liggame van die mense sal na die dood tot stof terugkeer en verderwing sien [a]; maar hulle siele (wat nóg doodgaan nóg slaap), besit onsterflikheid, wat

onmiddellik tot God hulle Gewer terugkeer [b]; Die siele van die regverdiges wat dan volmaak sal wees in heiligheid, word ontvang in die hoogste hemele, waar hulle in lig en heerlikheid die aangesig van God sal aanskou, in afwagting van die volkome verlossing van hul liggame [c]; en die siele van die goddelose sal in die hel gewerp word, waar hulle sal vertoef in smarte en volslae duisternis tot bewaring vir die oordeel van die groot dag [d]. Die skrif erken geen ander nie, behalwe die twee plekke, waar die liggaam van die siel geskei word.

[a] Gen_3:19; Act_13:36.
[b] Luk_23:43; Ecc_12:7.
[c] Heb_12:23; 2Co_5:1, 2Co_5:6, 2Co_5:8; Phi_1:23; Act_3:21; Eph_4:10.
[d] Luk_16:23-24; Act_1:25; Jud_1:6-7; 1Pe_3:19.

II. Op die laaste dag sal diegene wat nog in die lewe oorgebly het nie sterwe nie, maar verander word [e]; en al die dooies sal opstaan met hul eie liggame en geen ander nie, alhoewel met ander eienskappe, wat met hulle siele verenig sal word tot in ewigheid [f].

[e] 1Th_4:17; 1Co_15:51-52.
[f] Job_19:26-27; 1Co_15:42-44.

III. Die liggame van die onregverdiges sal deur die krag van Christus opgewek word tot oneer; die liggame van die regverdiges deur sy Gees tot eer en aan sy verheerlikte liggaam gelykvormig gemaak word [g].

[g] Act_24:15; Joh_5:28-29; 1Co_15:43; Phi_3:21.

HOOFSTUK 33: OOR DIE LAASTE OORDEEL

I. God het 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur Jesus Christus [a], wat alle mag en oordeel van die Vader ontvang het [b]. In hierdie dag sal nie alleen die afvallige engele geoordeel word nie [c], maar ook alle mense wat op die aarde gelewe het, sal voor die regterstoel van Christus verskyn, om rekenskap te gee van hulle gedagtes, woorde en werke en te ontvang volgens wat hulle deur die liggaam verrig het, of dit goed is of kwaad [d].

[a] Act_17:31.
[b] Joh_5:22, Joh_5:27.
[c] 1Co_6:3; Jud_1:6; 2Pe_2:4.
[d] 2Co_5:10; Ecc_12:14; Rom_2:16; Rom_14:10, Rom_14:12; Mat_12:36-37.

II. Die doel waarom God hierdie dag ingestel het, is vir die openbaarmaking van die heerlikheid van sy genade in die ewige saligheid van die uitverkorenes, en van sy geregtigheid in die verwerping van die goddelose, wat sleg en ongehoorsaam is. Dan sal die regverdiges ingaan tot die ewige lewe, en die volheid van die vreugde en verkwikking ontvang wat van die aangesig van die Here sal kom; maar die goddelose wat God nie ken nie en nie gehoorsaam is aan die evangelie van Jesus Christus nie, sal in die ewige pyniging gewerp en gestraf word met ewige vernietiging van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy krag [e].

[e] Mat_25:31-46; Rom_2:5-6; Rom_9:22-23; Mat_25:21; Act_3:19; 2Th_1:7-10.

III. Net soos Christus verlang dat ons sekerlik oortuig is dat daar 'n oordeelsdag sal kom, om alle mense van sonde te weerhou en vir die groter vertroosting van die godvresendes in hul teenspoed [f]; so wil Hy ook hierdie dag onbekend hou vir die mense, sodat hulle alle vleeslike sekerheid sal afskud en altyd waaksaam sal wees, omdat hulle nie die uur weet wanneer die Here sal kom nie; en altyd toeberei mag wees om te sê, Kom Here Jesus, kom gou. Amen [g].

[f] 2Pe_3:11, 2Pe_3:14; 2Co_5:10-11; 2Th_1:5-7; Luk_21:7, Luk_21:28; Rom_8:23-25.
[g] Mat_24:36, Mat_24:42-44; Mar_13:35-37; Luk_12:35-36; Rev_22:20.

FOUTE

Indien u by die gebruik van hierdie Afrikaanse vertaling van die Westminster Konfessie enige foute raaksien, rapporteer dit asseblief aan:

Willem Swanepoel
wjs@eject.co.za